

# HOOFSTUK 10



*Ontstaan en ontwikkeling van die Vaaldriehoekcampus*

### *Pieter de Klerk & Pieter Möller*

Die ontstaan van die Vaaldriehoekskampus (of Vaalri-  
vierse Tak, soos dit aanvanklik bekendgestaan het) moet  
gesien word teen die agtergrond van die ontwikkeling  
van die Vaaldriehoek as nywerheidsgebied. Ontwikke-  
ling strek vanaf die vyftigerjare tot ongeveer 1976 toe  
‘n gebouekompleks aangekoop is om as sentrum vir die  
werkzaamhede van dié tak te dien. Soos in die verloop  
van die PUK ná 1951 is eerste aandag gegee aan die al-  
gemene universiteitsbeleid ten opsigte van die Vaaldrie-  
hoekskampus, waarna die onderrig- en navorsingswerk-  
saamhede, die personeel, die organisasiestruktuur, die  
studentelewe sowel as die oprigting van geboue en die  
ontwikkeling van die kampusterrein gelyklopend gevolg  
het. Noodwendig het hierdie aspekte van vooruitgang  
die verhouding met die plaaslike gemeenskap geraak.

## 10.1 Vaaldriehoek en sy inwoners: ‘n demografiese profiel<sup>1</sup>

Verskeie publikasies het reeds oor die geskiedenis van  
die Vaaldriehoek verskyn.<sup>3</sup> Uit hierdie werke kom na  
vore dat daar reeds duisende jare gelede mense in  
hierdie gebied woonagtig was,<sup>4</sup> maar toe wit mense  
hul in die 19de eeu hier gevestig het, het min swart  
mense hulle in die streek bevind. In 1880 het die  
mynmaatskappy, De Zuid-Afrikaansche en Oranje-Vry-  
staatsche Kolen en Mineralen Mijn Vereniging van die  
bekende sakeman Sammy Marks, in dié gebied begin  
ontgin. Dit het gelei tot die ontstaan van Vereeniging  
wat in 1889 as dorp geproklameer is. Die inwonertal  
het geleidelik gestyg sodat dit teen 1960 op byna  
79 000 gestaan het, waarvan meer as 52 000 swart  
mense en byna 25 000 wit mense was. Die meerderheid  
wit mense was Engelsspreekend, maar na die Tweede  
Wêreldoorlog (1939-1945) het die Afrikaansspreekendes  
hulle in getalle begin oortref.<sup>6</sup> Teen die tyd van die  
1991-sensus was sowat 91% van die blanke inwo-  
ners van die Vereeniging-distrik Afrikaansspreekend.<sup>7</sup>

Hierdie geleidelike verafrikaansing van Vereeniging  
in die loop van die twintigste eeu moet gesien word  
teen die agtergrond van wat F.A. van Jaarsveld, die  
“Afrikaner se groot trek na die stede”<sup>8</sup> noem. Die  
totstandkoming van ‘n aanleg van die groot staalny-  
werheid YSKOR (later ISCOR en vanaf 29 Junie 2004  
ISPAT ISCOR Ltd.) ten weste van Vereeniging het in 1941  
gelei tot die stigting van die dorp Vanderbijlpark. Die  
meeste lede van die Vanderbijlparkse Stadsraad, wat  
in 1951 tot stand gekom het, was Afrikaansspreekend.<sup>9</sup>  
Hierdie taalgroep het ook van die begin af in Sasolburg

gedomineer. Sasolburg, ten suide van die Vaalrivier, is  
in 1952 gestig nadat die maatskappy, Suid-Afrikaanse  
Steenkool-, Olie en Gaskorporasie (SASOL), ‘n fabriek  
in hierdie omgewing begin het om olie uit steenkool  
te vervaardig.<sup>10</sup> Sowel YSKOR as SASOL het etlike  
honderde immigrantegesinne uit Groot-Brittanje, Ne-  
derland, Duitsland en Portugal gewerf. Hierdie immi-  
grante het hulle vanaf die vyftigerjare in Vanderbijlpark  
en Sasolburg gevestig.<sup>11</sup> Groepe immigrante uit Dene-  
marke, België, Frankryk, Italië, Oostenryk, Griekeland,  
Joego-Slawië, Hongarye, Pole en Tsjeggo-Slowakye het  
hulle ook in hierdie twee nywerheidsgebiede gevestig.<sup>12</sup>

Namate meer industrieë in die Vaaldriehoek gevestig ge-  
raak het, het die blanke bevolking steeds groter geword.  
Tussen 1960 en 1980 het die blanke bevolking meer as  
verdubbel van 64 000 (in 1960) tot sowat 130 000 (in  
1980), om teen 1991 byna 190 000 te tel. Swart verste-  
deliking het gedurende hierdie periode ook aansienlik  
toegeneem van 122 000 (in 1960) tot 550 000 (in 1991).<sup>13</sup>

Wat taalgroepe betref wat in die Vaaldriehoekgebied  
werkzaam was, was ongeveer 60% teen die negen-  
tigerjare moedertaalsprekers van Suid-Sotho, 20% van  
Zoeloe, 12% van Xhosa en 4% elk van Noord-Sotho en  
Tswana. Die kleurling- en Indiërgroepe het relatief  
klein gebly en hulle is teen 1991 op onderskeidelik  
25 000 en 8 000 geraam. Van die kleurlinge is ongeveer  
67% Afrikaansspreekend en 33% Engelsspreekend. Engels  
is die huistaal van die oorgrote meerderheid Indiërs,  
met sowat 300 moedertaalsprekers van Gujarati.<sup>14</sup>


Vanaf die tagtigerjare het die ekonomie van Suid-  
Afrika sodanig verswak<sup>15</sup> dat die Vaaldriehoek eko-  
nomiese agteruitgang in die gesig gestaar het. Dit  
was veral Vereeniging en Vanderbijlpark wat albei  
baie afhanklik is van bedrywe wat staal- en metaal-  
produkte vervaardig, wat ‘n sterk ekonomiese insinking  
beleef het.<sup>16</sup> Ten spyte van hierdie tydelike insin-  
king<sup>17</sup> het die onderskeie kleur- en taalgroepe steeds  
aangewas sodat ‘n goed gevestigde gemeenskap met-  
tertyd ook meer opvoedkundige inrigtings vereis het.

## 10.2 Gevorderde opleiding kry momentum

Die ontwikkeling van groot nywerhede in die Vaal-  
driehoek het reeds in die vyftigerjare ‘n behoefte laat  
ontstaan aan die plaaslike voorsiening van gevorderde  
opleiding in onder meer ekonomiese vakke. In 1958  
het enkele Vaaldriehoekse sakeleiers ‘n gesprek met  
verteenwoordigers van die PU vir CHO gevoer oor die  
moontlikheid dat die Universiteit met opleiding in die  
Vaaldriehoek begin. Aanvanklik is gemeen dat die tyd




*Vaaldriehoeknywerheidsgebied soos in die sestigerjare (Bron: Vaal Teknorama, Sedibeng Distribusiemunisipaliteit, Departement Sport, Rekreasie, Kuns, Kultuur en Erfenis, Verw. 03/1237)*



*Dr. F.P. Jacobsz van Uniestaal wat die behoefte aan nagraadse opleiding gedurende die sestigerjare aan die PUK gekommunikeer het (Bron: Uniestaal, Vanderbijlpark)*

daarvoor nog nie ryp was nie.<sup>18</sup> ‘n Komitee van persone uit die sakewêreld onder leiding van dr. F.P. Jacobsz van Uniestaal, het enkele jare later verdere samesprekings met die PUK gevoer oor die aanbieding van nagraadse diplomas en sertifikate in die Ekonomiese Wetenskappe.<sup>19</sup> Die afloop van hierdie samesprekings was positief. Die versoek van dr. Jacobsz het in 1964 daartoe gelei dat die PUK begin het om in die gebou van die Hoër Handelsskool Lettie Fouché te Vanderbijlpark sertifikaatkursusse in Kosteberekening en nagraadse kursusse in Bedryfsadministrasie (H.B.A. en M.B.A.) aan te bied.<sup>20</sup> Sowat 50 studente het in daardie stadium vir dié kursusse geregistreer.<sup>21</sup> Lesings is aanvanklik tweeweeklik gehou.<sup>22</sup> Kommissie onder leiding van prof. A.J.E. Sorgdrager, Hoof van die Departement Kosteberekening, het die moontlikheid vir verdere opleidingsgeleenthede in die Vaaldriehoek ondersoek. Groot potensiaal vir die groei van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe in die Vaaldriehoek is uitgewys.<sup>23</sup>

Honneursgrade in Rekeningkunde en Kosteberekening is vanaf 1965 aangebied en die B.Com.-graad vanaf 1966. Die na-uurse klasse in die B.Com.-graadrigting het beteken



*Vanderbijlpark-dorp, ca. 1950's  
(Bron: Vaal Teknorama, Sedibeng Distribusiemunisipaliteit, Departement Sport, Rekreasie, Kuns, Kultuur en Erfenis, Verw.)*

dat ontmoetingsessies moes uitbrei. Vir klasse het etlike PUK-dosente weekliks na Vereeniging gependel. Van kundige persone uit die Vaaldriehoek-gebied is ook gebruik gemaak, onder wie onderwysers en bedryfsentrepreneurs.<sup>24</sup> Die PUK-Universiteitsraad was besonder positief ten gunste van uitbreiding in die Vaaldriehoek. Dit blyk uit die Raadsbesluit teen die einde van 1965 toe besluit is om die werksaamhede in die Vaaldriehoek 'n meer formele struktuur te gee deur 'n Vaalrivierse Tak (vanaf 1978 Vaalrivier-tak)<sup>25</sup> van die PU vir CHO te stig.<sup>26</sup> Die amptelike opening van die klasse het op 10 Februarie 1966 in die ontspanningsaal van die Unie-Staalkorporasie (USCO) plaasgevind. Vyftig akademici van die PUK was teenwoordig om 'n akademiese prosessie te vorm. By hierdie geleentheid het die burgemeesters van Vereeniging, Vanderbijlpark, Sasolburg en Meyerton boodskappe van hoop en dankbaarheid gelewer.<sup>27</sup> Nie minder nie as 79 studente

het in daardie jaar by die Vaalrivierse Tak geregistreer.<sup>28</sup> Ander soortgelyke inisiatiewe het elders gevolg, waaronder die totstandkoming van die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) in 1966.<sup>29</sup> Juis die stigting van nuwe universiteite, ooreenkomstig die regering se beleid van aparte universiteite vir die verskillende rassegroepe, het meegebring dat van die stigting van 'n verdere - elfde universiteit - om veral die blanke bevolking te bedien soos deur die Vaaldriehoekers beoog is, weinig tereg sou kom. Derhalwe het die vier stadsrade besluit om die oprigting van 'n satellietkampus vanuit 'n bestaande universiteit aan te moedig. So 'n kampus sou in die toekoms moontlik tot 'n selfstandige universiteit in die Vaaldriehoek kon ontwikkel. Samesprekings is gevoer met die pas gestigte RAU, maar hierdie universiteit het nie in so 'n vroeë stadium van sy ontwikkeling sy weg oop gesien om 'n tweede universiteitskampus te begin nie.<sup>30</sup>



*Die Vereeniging-kragstasie, 1974 (Bron: Vaal Teknorama, Sedibeng Distribusiemunisipaliteit, Departement Sport, Rekreasie, Kuns, Kultuur en Erfenis, Verw. 03/1849)*



*Die USCO-Vaalwerke (Bron: Vaal Teknorama, Sedibeng Distribusiemunisipaliteit, Departement Sport, Rekreasie, Kuns, Kultuur en Erfenis)*




*Gedeelte van die Ontspanningsaal van USCOR, wat die Vaalriviertak se klasse begin is (Bron: Vaal Teknorama, Sedibeng Distribusiemunisipaliteit, Departement Sport, Rekreasie, Kuns, Kultuur en Erfenis)*

Daarna is verder met die PU vir CHO onderhandel en in 1971 is 'n formele ooreenkoms tussen die Universiteit en die stadsrade van Vanderbijlpark, Vereniging en Meyer-ton gesluit. In die ooreenkoms is onder meer daarvoor voorsiening gemaak dat die PUK 'n terrein vir die vestiging van 'n kampus onder gunstige voorwaardes sou bekom.<sup>31</sup> Skakelkomitee vir Universiteitsontwikkeling is in 1974 in die lewe geroep om as verbindingsagent te dien tussen die PUK en die vier gemelde stadsrade. Hierdie komitee, asook die subkomitees wat in die vier dorpe gestig is, het verder ten doel gehad om 'n goeie gesindheid teenoor die tak van die Universiteit by die publiek te bevorder en om die moontlikhede vir verdere studie wat dié tak bied, onder die aandag van veral blanke inwoners van die Vaaldriehoekgebied te bring.<sup>32</sup>

Dat die PU vir CHO 'n oorwegend Afrikaanse karakter gehad het, het die Vaaldriehoekse stadsrade klaarblyklik goed gepas. So ook die Christelike grondslag van die Universiteit, aangesien die meeste blankes van die Vaaldriehoek, as lidmate van hoofsaaklik die drie Afrikaanse susterkerke,<sup>33</sup> onbetwisbaar ten gunste was van Christelike onderwys, wat in hierdie tyd ook regeringsbeleid ten opsigte van skoolonderwys was.<sup>34</sup>

Klasse het vanaf 1968 plaasgevind in lokale wat deur die Universiteit gehuur is van die Hoër Tegniese Skool Carel de Wet en die Hoër Handelskool Lettie Fouché. Albei skole is langs mekaar in die middedorp van Vanderbijlpark geleë. Die Openbare Biblioteek in Vanderbijlpark het destyds ingewillig dat boeke van die PUK-biblioteek wat deur die studente gebruik moes word, by hulle gehuisves en deur hulle geadministreer kon word.<sup>35</sup> Vanderbijlpark het sedertdien die domisilie van die PU vir CHO in die Vaaldriehoek gebly. Die rede waarom Vanderbijlpark deur die PUK gekies is, was waarskynlik omdat dit die dorp in die Vaaldriehoek is wat die naaste aan Potchefstroom geleë is, maar tog ook 'n sentrale ligging



*Prof. A.J.E. Sorgdrager wat moontlikhede vir opleiding aan die Vaaldriehoek gedurende die sestigerjare verken het (Bron: PUK-Argief)*

ten opsigte van die ander dorpe van die Vaaldriehoek het. In 1969 het die eerste studente van die PU vir CHO wat na-uurse klasse in die Vaaldriehoek bygewoon het, 'n B.Com.-graad verwerf.<sup>36</sup> Die jaar daarop is besluit om ook vakke vir 'n B.A.-graad aan te bied en in 1976 is begin met die doseer van B.Sc.-vakke op 'n na-uurse basis.<sup>37</sup> Die studentetotal het in hierdie jare voortdurend gestyg: van 80 in 1966 tot byna 500 in 1975.<sup>38</sup> Hierdie studente het hoofsaaklik uit die Vaaldriehoek gekom, maar soms ook van heel wat verder geleë plekke, soos Heilbron in die Vrystaat.<sup>39</sup> Vanaf 1977 is klasse vir voltydse studente aangebied.<sup>40</sup>

Die vestiging van 'n bestuurstruktuur in die Vaaldriehoek het in 1973 begin toe prof. S.P. van der Walt, wat kort tevore na 'n jarelange verbintenis met die Universiteit as professor in Teologie afgetree het, as die eerste verteenwoordiger van die Universiteit in die Vaaldriehoek benoem is. Hy het tot aan die einde van 1975 die aktiwiteite van die PUK in die Vaaldriehoek gekoördineer.<sup>41</sup> 'n Voltydse kantoor en biblioteekdepot van die Universiteit is ook in 1973 in Vanderbijlpark ingerig. Twee woonstelle in Colleghof, oorkant die hoërskole Carel de Wet en Lettie Fouché het vir hierdie doel gedien.<sup>42</sup> Mev. Elza de Wet is as sekretaresse en tikster aangestel en het ook die biblioteek behartig.<sup>43</sup> Verdere bestuursaanstellings is vroeg in die sewentigerjare gemaak. Mnr. D. Tromp is in die Departement Kosteberekening benoem en hy het hom as die eerste dosent van die PUK in die Vaaldriehoek gevestig.<sup>44</sup> Gedurende 1976 is drie personele van die Potchefstroomkampus tot professore bevorder, naamlik M. Hattingh, A.K. Roodt en H.J. Weber, en na die Vaalrivierse Tak oorgeplaas. 'n Administratiewe beampte is ook vir die tak aangestel.<sup>45</sup>

### 10.3 Ontwikkeling van die Vaalrivier-tak (Vaaldriehoekskampus)

Dit was aanvanklik die ideaal van die Raad van die PU vir CHO “dat die Vaalrivier-tak van die PU vir CHO mettertyd sal ontwikkel en ontplooi tot ‘n volwaardige susteruni-

versiteit - ‘n Vaalrivierse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys”.<sup>46</sup> By die amptelike opening van die 1979-akademiese jaar van die Vaalrivier-tak het die PUK-rektor, prof. T. van der Walt, dan ook verklaar dat die Vaalrivier-tak nie net as ‘n streeksuniversiteit moet ontwikkel nie, maar ook as ‘n karakteruniversiteit “wat in alles onvoorwaardelik Christelik en onbeskaamd Afrikaans” is. Hy het



*Van die Vaalrivier-tak se “lokale” - Hoër Tegniese Skool Carel de Wet (bo) en die Hoër Handelskool Lettie Fouché (onder)  
(Bron: Vaaldriehoekskampus en Hoër Handelskool Lettie Fouché)*



Lugfoto van die terrein waarop die Vaaldriehoekkampus ontwikkel sou word, ca. 1960's (Bron: PUK-Argief)



'n Lugfoto van 'n gedeelte van die Vaaldriehoekkampus soos teen Mei 2004 (Bron: Macleuz Studio, Jun. 2004)

dit so gestel: "Ons sien hierdie tak nie maar bloot as nóg 'n akademiese inrigting nie - daaraan het ons land sekerlik nie 'n tekort nie - maar beslis as akademiese inrigting met

'n spesifieke karakter, van 'n bepaalde gees en toon. Ons wil in die Vaalrivier-tak volledig uiteindelik 'n susterinrigting, 'n geesverwant en 'n medestander kan herken".<sup>47</sup>



*Prof. S.P. van der Walt, Hoof: Vaaldriehoekskampus, 1973-1975 (Bron: Vaaldriehoekskampus-fotoversameling)*



*Die eerste voltydse studente saam met prof. Tom van Dyk, 1 Februarie 1977. Algerda Malherbe en Theo Senekal (Bron: Vaaldriehoekskampus-fotoversameling)*



*Me. Elza de Wet, eertyds sekretaresse van die Vaaldriehoekskampus-biblioteek en uitmuntende korfbalpresteerder (Bron: Me. E. de Wet)*



*Mnr. D. Tromp, eerste voltydse dosent van die Vaaldriehoekse Tak, 1973*

Die Raad was daarvan oortuig dat in die onmiddellike behoeftes van die plaaslike gemeenskap voorsien moet word, en dat dit impliseer dat “naas dit wat algemeen by ‘n universiteit of kollege hoort” die tegniese en nywerheidsfasette sterk op die voorgrond sal tree in die ontwikkeling van die Tak. Enigins in stryd met die gedagte dat die Tak moes ontwikkel tot ‘n eie universiteit met vakke wat aan ‘n universiteit hoort, wou die Raad graag sien dat daar nie te veel oorvleueling plaasvind met vakke wat reeds in daardie stadium op die PUK aangebied is nie. Verder het prof. Van der Walt ook verklaar dat elke “verdere stap in die ontplooiing van die Vaalrivierse Tak terdeë ekonomies verantwoord moet wees”, en dat die inkomste en uitgawe van die Tak sover moontlik bereken en aan die plaaslike gemeenskap meegedeel moes word. Uiteindelik sou die tempo van die ontplooiing van die Tak dus afhang van die mate van steun wat van die plaaslike gemeenskap ontvang word.<sup>48</sup> Waarskynlik om dié rede het prof. Van der Walt in sy openingsrede van 1979 ook aangedui dat teen 1978 sowat R600 000 bestee is aan salarisse (insluitende ‘n gedeelte van die salarisse van Potchefstroomse dosente wat aan dié tak klasgegee het), maar dat die inkomste aan klasgelde en skenkings van stadsrade in die Vaaldriehoek heelwat kleiner was.<sup>49</sup> Hy het vervolg: “Veral in die huidige omstandighede is dit onverantwoord om onbepaald Potchefstroom tekort te doen om die Vaalrivier te subsidiëer. ‘n Mens het soms die lastige gevoel dat die Vaalrivier makliker vra as gee. Die Vaalrivier moet op sy eie voete kan staan. Sy eie mense moet hulle eie hande in hulle eie beursies steek om hulle eie fasiliteite daar te stel - in plaas van om net vir Potchefstroom te vra: Gee vir ons, gee vir ons, gee vir ons. Dis die Vaalrivier-tak onwaardig om op





*Die eerste Vaaldriehoek kampus-biblioteek, 1973 (Bron: Vaaldriehoek kampus-fotoversameling)*

die skouers, die rug van ander te bly ry. Solank as 'n kind klein is, word hy geabba. Daarna stap hy op sy eie voete.”

Dié “geabba” sou egter nog vir jare lank nodig wees. In 1979 was dit duidelik dat die ideaal van 'n aparte universiteit moeilik verwesenlik sou kon word. In 'n memorandum opgestel deur die Viserektor: Finansies en Bedryf, prof. N.J. Swart,<sup>50</sup> is daarop gewys dat die idee van 'n aparte universiteit ontstaan het toe die PUK nog 'n groot groei in studentegetalle ervaar het. Dit is nie in ag geneem dat blanke bevolkingsgetalle sou begin stabiliseer nie.<sup>51</sup> Mnr. F.W. de Klerk, toe Minister van Minerale- en Energiesake en Volksraadslid vir Vereeniging, het ook in 1980 verklaar dat daar sins insiens afstand gedoen moet word van die gedagte van 'n eie universiteit.<sup>52</sup> Wel was daar ander positiewe ontwikkelings toe die aansoek van die PU vir CHO om 'n ingenieursfakulteit te vestig in 1981<sup>53</sup> deur die regering toegestaan is - 'n eerste nuwe fakulteit na die selfstandigwording van die PUK in 1951.

Meer komplekse saak rondom die fakulteitstigting vir ingenieurswese vir die PUK was dat die beleid van die Vaalrivier-tak om in 'n tegniese-ekonomiese rigting te ontwikkel, gekomplementeer sou word, maar dat dié fakulteit uiteindelik deel sou kon word van 'n ander universiteit. Dit was 'n gedagte wat vir lede van die PUK-ondersteunersgemeenskap nie aantreklik was nie. In Junie 1980 het die Raad na raadpleging met die lede van die Vaaldriehoekse gemeenskap besluit dat die Vaalrivier-tak nie die groeipunt vir 'n selfstandige universiteit moet vorm nie, maar eerder as 'n integrale deel van die PU vir CHO beplan en ontwikkel moes word.<sup>54</sup> 'n Toespitsing op kursusse wat nie op Potchefstroom aangebied is nie, is opnuut beklemtoon.<sup>55</sup>

Met twee gevestigde ingenieursdepartemente op die PUK-kampus, naamlik Ingenieurschemie en Elektrotegniek (later bekend as onderskeidelik Chemiese en Elektriese Ingenieurswese), was die keuse waar die Ingenieursfakulteit gevestig moes word geen maklike besluit nie. Albei keuses


van lokaliteit sou op die een of ander wyse tot voordeel van die nuwe fakulteit kon strek. Enersyds is die PUK met sy uitgebreide en lewenskragtige studentelewe, waarby die ingenieurstudente sou kon inskakel, sterk oorweeg as plek om dié fakulteit te vestig. Dit sou waarskynlik ook goedkooper wees en minder duplisering van fasiliteite en kursusse meebring deur Potchefstroom die keuse te maak. Andersyds was die Vaaldriehoek 'n belangrike ontwikkelende nywerheidsgebied met groter moontlikhede vir interaksie tussen die akademie en die praktiese bedryfswese. Tydelike dosente was ook meer geredelik in die Vaaldriehoek bekombaar. Verder is verklaar dat die Vaalrivier-tak in die toekoms 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van tersiêre onderwys vir swart leerders kon lewer.<sup>56</sup>

Na al hierdie opsies ter tafel geneem is, het die Raad in April 1982 besluit om voort te gaan met die vestiging van die Fakulteit Ingenieurswese in die Vaaldriehoek.<sup>57</sup> Die sukses daarvan was afhanklik van genoegsame staatsubsidie en die geldelike steun wat die plaaslike gemeenskap bereid was om vir kampusontwikkeling te voorsien.<sup>58</sup> Ondertussen het kampusontwikkeling reeds in 1973 momentum gekry toe die Universiteit 'n groot stuk grond langs die Vaalrivier aangekoop het om as kampuusterrein te ontwikkel. Vanaf 1981 is verskeie geboue opgerig. In aansluiting by hierdie ontwikkelinge en op aandrang van die Adviesraad vir die Vaalrivier-tak het die PUK-Raad in 1982 besluit om die naam van die Tak na die “Vaaldriehoek kampus” te verander.<sup>59</sup>


Saam met hierdie historiese naamsverandering is toenemend aandag gegee aan die behoeftes van ander kleurgroepe. Die Rektor, prof. Tjaart van der Walt, het hierdie weg as toekomstige benadering vir die Vaaldriehoek kampus besonder aangemoedig.<sup>60</sup> Van hierdie en ander ideale het egter in die volgende paar jaar weinig tereg gekom. Wel was 1984 mylpaal toe die eerste gradeplegtigheid op die Vaaldriehoek kampus gehou is.<sup>61</sup>

Intussen is die Departemente Meganiese en Metallurgiese Ingenieurswese by die Vaaldriehoektak ingestel, en nadat die nodige geboue opgerig is, het die Departemente Chemiese en Elektroniese Ingenieurswese in 1987 vanaf Potchefstroom na Vanderbijlpark verhuis, sodat die hele Ingenieursfakulteit in die Vaaldriehoek gevestig is. Dit was 'n groot omwenteling vir die jong Vaaldriehoekskampus sowel as vir die personeel wat hierdie besluitneming moes implementeer. Toe hierdie verwickelinge nog boonop drie jaar later herroep is met die besluit van die Raad in 1990 om die Ingenieursfakulteit na die Potchefstroomkampus te verskuif, was die personeel voor 'n ewe gewigtige keuse gestel. Klaarblyklik was die gebrek aan fondse om die Vaaldriehoekskampus te omskep in 'n tweede residensiële kampus met koshuise en ander fasiliteite soos ondersteunende vakke, die vernaamste rede vir die besluit.<sup>62</sup>

In vele opsigte was die 1990-besluit oor die verskuiwing van die Ingenieursfakulteit verreikend. Bo en behalwe die feit dat dit die einde ingelui het van die beleid om aan die Vaaldriehoekskampus veral studierigtings te vestig wat nie op Potchefstroom bestaan nie, het dit ook die einde beteken van die ideaal dat die Vaaldriehoekskampus uiteindelik volwaardige residensiële kampus moes word. Deur 'n groot deel van die voltydse studente na Potchefstroom te verskuif, het die na-uurse studente, wat nog altyd meer as die voltydse studente was, die oorgrote meerderheid van die studente verteenwoordig. Dit het gelyk of die Vaaldriehoekskampus uiteindelik in 'n na-uurse studiesentrum omvorm sou word.<sup>63</sup> Die PUK-Raad het die oorblywende akademiese werksaamhede van die Vaaldriehoekskampus, wat vanaf 1990 slegs gefokus het op opleiding in B.A.-, B.Sc.- en B.Com.-rigtings sowel as opvoedkundige diplomas en grade, op dié



*Sommige van die eerste departementshoofde na 1990:  
a) Harm Stavast*



*b) Hennie Coetzee  
(Bron: Vaaldriehoekskampus-versameling)*



*Die Vaaldriehoekskampus-ingang vanaf 1997  
(Bron: Vaaldriehoekskampus-fotoversameling)*

kampus behoue laat bly met die doelwit om dit verder uit te bou. Groter akademiese outonomie is aan die Vaaldriehoekskampus verleen deur die vestiging van selfstandige departemente en die aanstel van departementshoofde.<sup>64</sup> Verdere verreikende Raadsbesluit was dat Engels, naas Afrikaans, as onderrigmedium aan die Vaaldriehoekskampus gebruik kon word.<sup>65</sup> Alhoewel die Vaaldriehoekskampus toe reeds heelwat studente uit verskillende rasse- en taalgroepe bedien het, was die gebruik van Engels as onderrigtaal op dié kampus toegankliker gemaak vir 'n groter groep bewoners in die Vaaldriehoek. Hierdie benadering

het ook ten doel gehad om die verlies aan studente weens die verskuiwing van die Ingenieursfakulteit teë te werk.<sup>66</sup>

Ondanks al die ingrypende besluite het die totale studentegetal van die Vaaldriehoekampus vanaf 1992 gedurende die res van die negentigerjare tussen 1 600 en 1 700 gestabiliseer (kyk Figuur 10.1): Die plek van die Vaaldriehoekampus binne die Universiteitstruktuur het in 1999 eers verdere momentum gekry toe die Akademiese Beheerliggaam (vanaf 1992 as die Interfakultêre Akademiese Raad bekend) herbenoem is as die Fakulteitsraad Vaaldriehoek. Gevolglik is die akademiese werksaamhede aan die Vaaldriehoekampus as een van die PUK se nege fakulteite georganiseer.<sup>67</sup> Hiermee is 'n jarelange ideaal verwesenlik.<sup>68</sup>

## 10.4 Akademiese ontwikkeling

### 10.4.1 Onderrig en opleiding


Aanvanklik is slegs na-uurse opleiding aan die Vaalrivier-tak verskaf. Mettertyd is fasiliteite vir voltydse universiteitstudie ook versoek, waaraan die Universiteitsraad in 1976 aandag gegee het.<sup>69</sup> In 1977 is die eerste voltydse studente ingeskryf - 55 in getal. Klasse is saans en bedags aangebied, maar aanvanklik veral smiddae. Op hierdie wyse is gepoog om onderwysers wat in die middag klasse kon bywoon, sowel as die voltydse studente, saam te akkommodeer.<sup>70</sup> Die eerste voltydse studente het slegs 10% (sowat 540) van die totale studentegetal uitgemaak. In 1998 was hulle ongeveer 700 uit 'n totaal van 1 650 ingeskrewe studente.<sup>71</sup> Die totale getal ingeskrewe studente aan die Vaaldriehoekampus het teen Mei 2004 op 2 945 gestaan (vergeelyk Figuur 10.1).

### 10.4.2 B.Com.-opleiding

Opleiding vir nagraadse diplomas en grade in die Ekonomiese Wetenskappe is reeds vanaf 1964 aan die Vaalrivier-tak aangebied. Soos vermeld is, was 1966 'n historiese jaar toe voorgraadse klasse by die Vaalrivier-tak 'n aanvang geneem het. Hierdie klasse het hoofsaaklik die opleiding van studente in die ekonomiese en bestuurswetenskappe behels. Sedertdien tot 2004 het B.Com.-studente altyd 'n substansiële deel van die totale aantal studente uitgemaak. Teen 1977 is byna al die vakke wat op Potchefstroom vir B.Com.-studente beskikbaar was, ook aan die Vaalrivier-tak aangebied. Studente kon kies tussen vyf kurrikulums, naamlik die hoofrigtings Ekonomie en Geld- en Bankwese, Bedryfsekonomie, Bedryfsrekeningkunde, Rekenmeester-opleiding en Bedryf- en Personeelsielkunde.<sup>72</sup> Later het ander rigtings bygekom wat dit moontlik gemaak het om ook in Arbeids- en Personeelverhoudinge, Informatika (Rekenaarwetenskap) en Risiko-bestuur te spesialiseer.<sup>73</sup> As gevolg van sekere tydsgegewe eise het opleiding in die B.Com.-rigting in 1992 'n verdere tree vorentoe gegee toe besluit is om vir voltydse studente, wat nie aan die normale toelatingsvereistes voldoen nie, 'n vier-jarige B.Com.-graad in te stel waarby enkele oorbruggingskursusse ingesluit is.<sup>74</sup> In 1984 is 40 B.Com.-grade toegeken,<sup>75</sup> en teen 2003 het die getal tot 70 gestyg.<sup>76</sup>

### 10.4.3 B.A.- en B.Sc.-opleiding

Opleidingmoontlikhede vir B.A.- en B.Sc.-grade was altyd op heelwat kleiner skaal en meer beperk as dié wat op die PUK beskikbaar was. 'n Algemene B.A.-graad is aanvanklik aangebied waarvoor die twee hoofvakke gekies kon word



Figuur 10.1: Studentegetalle op die Vaaldriehoekampus, 1991-2004



*Die eerste graduandi van die Vaaldriehoekcampus, 1969 (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*

uit Afrikaans-Nederlands, Bedryf- en Personeelsielkunde, Bedryfsosiologie, Ekonomie, Engels, Geografie, Geskiedenis, Noord-Sotho (vir nie-moedertaalsprekers), Ontwikkelingsadministrasie, Psigologie, Sosiologie, Volkekunde, Wiskunde en Zulu. Kursusse in Geografie, Ontwikkelingsadministrasie en Volkekunde is in die vroeë tagtigerjare gestaak, gevolg deur Noord-Sotho wat gedurende 1992 tot 1994 beëindig is.<sup>77</sup> Daarteenoor is Bybelkunde, Opvoedkunde, Rekenaarwetenskap en Suid-Sotho (vir moedertaalsprekers) in die loop van die tagtigerjare, en Openbare Bestuur en Administrasie in die negentigerjare, as nuwe hoofvakrigtings ingestel.<sup>78</sup> 'n Groot deel van die B.A.-studente was tot in die vroeë negentigerjare voornemende hoërskoolonderwysers, of - veral op na-uurse vlak - onderwysers met voorgraadse onderwysdiplomas wat hul kwalifikasies wou verbeter. As gevolg van rasionaliserings- en ander probleme in die skoolonderwys het die getal onderwysstudente ná 1994 aansienlik gedaal.

Teen 1998 was daar ongeveer 130 B.A.-studente wat vir die hoofrigting Onderwys en Taalpraktyk ingeskryf was teenoor byna 300 wat die rigting Private en Openbare Sektor gekies het.<sup>79</sup> Etlieke aansoeke van persone is gedurende die negentigerjare ontvang om tot universiteitstudie toegelaat te word, hoewel hulle nie aan al die toelatingsvereistes voldoen het nie. Dit het uit navorsing geblyk dat die matriekuitslae van leerlinge in die eertydse Departement van Onderwys en Opleiding heel dikwels nie 'n betroubare aanduiding van hul potensiaal as universiteitstudente

gegee het nie. Gevolglik is in die periode 1993-1996 'n beperkte aantal studente wat nie aan die normale toelatingsvereistes voldoen het nie, voorwaardelik toegelaat om vir 'n B.A.-graad in te skryf. Hierdie studente kon met hul studie voortgaan as hulle in die eerste semester bevredigend presteer het.<sup>80</sup> By die eerste gradeplegtigheid van die Vaaldriehoekcampus in 1984 is 'n B.A.-graad aan 62 studente toegeken. Teen 1998 het die getal meer as verdubbel tot 136, waarna 'n afplating beleef is en hierdie graad in 2003 aan slegs 48 studente toegeken is.<sup>81</sup>

B.Sc.-studente kon in 1977, toe met opleiding in hierdie rigting begin is, slegs inskryf vir 'n graad met Operasionele Navorsing as studierigting.<sup>82</sup> Wiskunde kon as tweede hoofvak geneem word. Mettertyd is die moontlikhede uitgebrei, veral nadat Rekenaarwetenskap in 1984 tot op derdejaarsvlak ingestel is.<sup>83</sup> 'n Klein, maar bestendige getal studente het elke jaar die B.Sc.-graad aan die Vaaldriehoekcampus verwerf. In 1984 is ses B.Sc.-grade verwerf, in 1998 agtien en drie-en-twintig teen 2003.<sup>84</sup>

#### 10.4.4 Ingenieursopleiding

Kursusse in ingenieurswese is vanaf 1978 op 'n na-uurse basis op die Vaaldriehoekcampus gevestig. Dit is gedoen na 'n samewerkingsooreenkoms met ISCOR, die groot staalvervaardigingsonderneming in die Vaaldriehoek, waarvan die ingenieurstudente werknemers was en waar hulle ook indiensopleiding ontvang het. Benewens opleiding in elek-

triese, chemiese, meganiese en metallurgiese ingenieurswese, wat uiteindelik volledig by die PUK aangebied is, kon studente ook die eerste twee jaar opleiding in ander rigtings soos siviele en landbou-ingenieurswese aan die Vaaldriehoekskampus ondergaan. Sommige van die vakke is aanvanklik deur die Kollege vir Gevorderde Tegnieese Onderwys (tans die Vaaldriehoekse Technikon) aangebied.<sup>85</sup> Aanvanklik moes studente na die eerste twee jaar van opleiding aan die Vaaldriehoekskampus die res van die opleiding op die PUK (in die geval van Chemiese en Elektriese Ingenieurswese) of aan 'n ander universiteit voltooi.

Na die vestiging van die Departemente Meganiese en Metallurgiese Ingenieurswese op die Vaaldriehoekskampus in 1982 kon studente hul opleiding in hierdie rigtings volledig in die Vaaldriehoek voltooi.<sup>86</sup> Dit geld ook vir kursusse in die Departemente Chemiese en Elektriese Ingenieurswese wat in 1987 op die Vaaldriehoekskampus gevestig is.<sup>87</sup> Die besluit in 1990 om die Ingenieursfakulteit na Potchefstroom te verskuif, het beteken dat daar net tot die einde van 1991 ingenieursopleiding aan die Vaaldriehoekskampus verskaf is. Vanaf 1992 moes studente hul studie op die Potchefstroomkampus voortset. Gedurende 1984 tot 1991 het altesaam 324 studente 'n eerste ingenieursgraad op die Vaaldriehoekskampus verwerf.<sup>88</sup>

### 10.4.5 Nagraadse opleiding

Benewens opleiding in nagraadse diplomas en grade in die Ekonomiese Wetenskappe wat vanaf 1964 aangebied is, kon studente vanaf 1977 ook aan die Tak inskryf vir honneurs- en meestersgrade in Bedryfsadministrasie, asook vir honneurs- en meestersgrade in Bedryfsrekeningkunde.<sup>89</sup> Twee jaar later is begin met die aanbieding van die Hoër Onderwysdiploma en die B.Ed.-graad, wat albei slegs geneem kon word deur studente wat reeds eerste graad voltooi het.<sup>90</sup> Tussen 1985 en 1987 is toestemming van die PUK-senaat verkry om in verskeie Lettere-vakke wat op die Vaaldriehoekskampus aangebied is, honneursopleiding te verskaf.<sup>91</sup> Vandat permanente personeellede aan die kampus aangestel is (dus vanaf 1973), het hulle studieleiding aan magister- en doktorsgraadstudente verskaf.

Die nagraadse komponent het altyd 'n substansiële deel van die kampus se studentetal uitgemaak. By die Vaaldriehoekskampusgradeplegtigheid van 1998 was ongeveer 45% van die meer as 400 grade en diplomas wat toegeken is, nagraadse kwalifikasies.<sup>92</sup> Teen 2003 is die volgende nagraadse toekennings gemaak: Tot 2003 nog is doktorsgrade by die hoofgradeplegtighede van die PUK te Potchefstroom toegeken. Onder die doktorandi was daar feitlik elke jaar enkele studente wat die graad aan die Vaaldriehoekskampus van die Universiteit verwerf het.<sup>93</sup>



Johan Benadé, die eerste Rivierpuk om plaaslik te gradueer, 1984 (Bron: PU v CHO, Brosjure Vaaldriehoekskampus, 1977-1987, p. 9)

### 10.4.6 Ander onderrigaspekte

<b>Nagraadse Onderwysertifikaat (NGOS) : 25</b>
<b>Nasionale Professionele</b>
<b>Onderwysdiploma (NPOD) : 4</b>
<b>B.A.Ed. : 33</b>
<b>Honneurs B.Com. : 16</b>
<b>Honneurs B.A. : 44</b>
<b>Honneurs B.A. (Ontwikkeling en Bestuur) : 11</b>
<b>Honneurs B.Sc. : 10</b>
<b>M.A.-graad : 57</b>
<b>Ph.D.-graad : 5</b>

Wat die inhoud van kurrikulums en sillabusse betref, is aanvanklik direk aangesluit by die patroon wat op Potchefstroom gevestig was. Studente het ook dieselfde eksamenvraestelle as die studente op die Potchefstroomkampus geskryf. In die tagtigerjare het personeellede in sommige departemente toestemming gekry om aparte vraestelle, gemodereer deur dosente van Potchefstroom, op te stel.<sup>94</sup> Met verloop van tyd is in verskeie vakke ook sillabusse ingestel met 'n ander inhoud as dié op die Potchefstroomkampus.<sup>95</sup>

Ten opsigte van onderrigmetodes was 'n belangrike nuwe ontwikkeling die stelsel van fleksieonderrig wat sedert 1991 gebruik is in veral die Subfakulteite Lettere en Wysbegeerte en Opvoedkunde vir na-uurse klasse. Die

stelsel behels onder meer dat uitgebreide studiegids aan studente voorsien en klasse gereeld aangebied word, maar dat studente self besluit watter klasse hulle wil bywoon. Indien hulle dit verkies, kan hulle heeltemal selfstandig studeer.<sup>96</sup> Terwyl dié kampus reeds vanaf sy beginjare na-uurse studente van omliggende gebiede, onder meer van die Witwatersrand en die Noord-Vrystaat getrek het, het die fleksiestelsel daartoe gelei dat meer studente wat 100 kilometer of selfs verder van dié kampus af woon, aan die Vaaldriehoekskampus kom studeer het.

Fleksieonderrig het ook behels dat studente eksamens in stede en dorpe soos Pretoria, Johannesburg, Welkom, Standerton, Kroonstad en Bethlehem kon aflê.<sup>97</sup> 'n Verdere vernuwing, wat as 'n uitvloeisel van die fleksiestelsel beskou is, is die instelling van 'n "oop stroom" in 1997 wat veral bedoel was vir studente wat bepaalde vakke, weens roosterbotsings en werksomstandighede, nie op die vasgestelde roostertye kon neem nie.<sup>98</sup> Studente van ander universiteite is ook aangemoedig om vir dié kursusse in te skryf. Met behulp van 'n omvattende studiegids en 'n aantal ontmoetingsgeleenthede op Saterdag, binne 'n herfs-, winter- of lenteskool, kon hulle studeer en eksamen tydens spesiale geleenthede aflê.<sup>99</sup>

Tot 1991 nog was Afrikaans die onderrigmedium. Daarna is begin om klasse ook in Engels aan te bied. In die Sub-fakulteite Lettere en Wysbegeerte en Opvoedkunde is op voorgraadse vlak hoofsaaklik 'n parallelmediumbenadering gevolg en aparte klasse vir Afrikaans- en Engelstalige studente aangebied - voltyds sowel as na-uurs. In die Natuurwetenskappe en die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is dubbelmedium-onderrig aangewend, dit wil sê die gebruik van albei tale in dieselfde klas. Studiegids



'n Groepie studente druk besig om eksamen te skryf  
(Bron: PUK-Argief {Vaaldriehoekskampus-fotoversameling})

en toets- en eksamenvraestelle is in alle gevalle in albei tale beskikbaar gestel. Wat nagraadse klasse betref, is dubbelmedium-onderrig meesal as weg gevolg.<sup>100</sup> Voorts is meganismes geskep waardeur studente wat taalprobleme ondervind het, klagtes kon indien sodat maatreëls getref kon word om probleme op te los.<sup>101</sup>

#### 10.4.7 Onderrig vanuit 'n Christelike perspektief

Op die Vaaldriehoekskampus was die onderrig in alle akademiese werk vanaf die beginjare tot 2003 nog, soos op die PUK, vanuit 'n Christelike perspektief benader. So is daar die verpligte kursuseenhede in Filosofie, Wetenskapsleer of Bedryfsetiek wat daarop toegespits is om studente prinsipiële te leer dink. Eweneens moes nuwe dosente op die Vaaldriehoekskampus ook spesiale kursusse volg om hul perspektief op die grondslae van hul vakke en die rol van verskillende wetenskapsbeskouings daarin te verruim.<sup>102</sup>

### 10.5 Navorsing

In die beginjare toe net 'n klein groepie akademiese personeellede aan die Vaaldriehoekskampus verbonde was en hulle 'n groot doseerlading moes hanteer, is min belangrike bydraes op navorsingsgebied gelewer. Namate die dosentekorps uitgebrei het, het hierdie situasie geleidelik verbeter. Die aantal navorsingsartikels van personeellede en nagraadse studente in geakkrediteerde vaktydskrifte het geleidelik gestyg. In 2003 is 17 navorsingsartikels gepubliseer.<sup>103</sup> Ook wat die deelname van personeellede aan nasionale en internasionale vakkonferensies betref, was daar 'n geleidelike verbetering sodat nie minder nie as 40 voordragte teen 1998 by vakkundige byeenkomste gelewer is,<sup>104</sup> gevolg deur 'n effense afplating in 2003 tot 37.<sup>105</sup> Hierdie toedrag van sake kan waarskynlik toegeskryf word aan die proses van omskakeling tot skole en fokusareas waaraan besondere prioriteit gedurende hierdie tyd verleen moes word.

Bo en behalwe die skryf van navorsingsartikels en die bywoon van vakkonferensies is individuele pogings vanaf die tagtigerjare aangeteken waaruit geblyk het dat die navorsingskundigheid op die Vaaldriehoekskampus uitgebou is. 'n Goudinstituut en 'n eenheid vir mannekragbenutting is ingestel, maar albei het kortstondig bestaan - waarskynlik hoofsaaklik omdat personeel wat in hierdie twee eenhede aangestel is, afgetree of bedank het.<sup>106</sup> In 1988 is die Navorsingseenheid vir Industriële en Vaaldriehoekse Geskiedenis gestig wat gelei het tot die voltooiing van verskeie navorsingsprojekte oor onder meer die geskiedenis van Vanderbijlpark, Vereeniging en ISCOR. Hierdie Eenheid is gedeeltelik deur bydraes van plaaslik stadsrade en sakeondernemings gefinansier. Prof. P.J.J. Prinsloo het

hierdie eenheid bedryf en dit het met sy aanstelling as Viserektor in 1995 ten einde gekom.<sup>107</sup> Vanaf 1998 is die navorsingsopset aan die hele Universiteit en Vaaldriehoekskampus geherorganiseer. Dit het daartoe gelei dat die meeste akademiese personeellede van dié kampus ook by navorsingsfokusareas en groter projekte betrek is.<sup>108</sup>

## 10.6 Personeel- en organisasiestruktuur

Vanweë die aard en fokus van die Vaaldriehoekskampus om praktyk en teorie te verenig, was die benadering tot personeelaanstellings altyd anders as op die PUK.


### 10.6.1 Personeelsamestelling

In 1976 het die totale aantal permanente personeellede van die tak uit drie professore en twee administratiewe personeellede (mnr. P.W. Bingle en mev. E. de Wet) bestaan.

Aan die begin van 1977 is nog agt personee, onder wie ses akademiese personeellede, vanaf Potchefstroom na die Vaalrivier-tak oorgeplaas.<sup>109</sup> Die akademiese personeel het daarna steeds gegroei totdat sowat 66 permanente akademiese poste teen 1998 aan die Vaaldriehoekskampus was. Onder hulle was ses professore en 11 medeprofessore.<sup>110</sup> Wat die ondersteuningspersoneel en dienswerkers betref, het die getal gestyg tot ongeveer 60 teen 1998.<sup>111</sup>

In 2003 is by sowel die akademiese (toe 54 persone) as by die ondersteuningskorps (toe 52 persone) 'n afplating in aanstellings waargeneem.<sup>112</sup> Die proses van rasionalisering, wat by universiteite oor die algemeen en so ook by die PUK gedurende hierdie jare waarneembaar was,<sup>113</sup> het ook sy invloed op die Vaaldriehoekskampus gehad. Vanaf 1977 tot in die vroeë tagtigerjare het die personeel, behalwe vir die dienswerkers, feitlik uitsluitlik uit blanke Afrikaanssprekendes bestaan. Die veranderings in die samestelling van die studentekorps sedert die vroeë negentigerjare is ook in 'n beperkte mate in die samestelling van die personeel weerspieël. Teen 1998 was ook enkele Engelssprekende en swart personeellede aan dié kampus van die Universiteit verbonde.<sup>114</sup> Hoewel mans steeds die meerderheid van die personeellede was, het damespersoneellede steeds, in alle poskategorieë, 'n substansiële deel van die personeel uitgemaak.<sup>115</sup>

In die beginjare was die personeelkorps so beperk in getal dat 'n sterk samehorigheidsgevoel onderling ontwikkel het. Sommige van die persone wat reeds laat in die sewentigerjare aan die Universiteit verbonde was, onthou dat hulle hulself gesien het as akademiese pioniers wat 'n nuwe universiteitskampus op die been moes bring. Ook was hulle baie entoesiasies om hierdie taak aan te pak.<sup>116</sup> 'n Personeelklub, wat sosiale funksies vir die personeel reël,



Mnr. P.W. Bingle (Bron: PUK-Argief)

is reeds in 1977 gestig<sup>117</sup> en het teen 2004 nog bestaan. 'n Klein personeelgetal was in ander opsigte nadelig. Met byvoorbeeld hoogstens twee dosente in 'n vakgebied was akademiese kommunikasie tussen vakgenote beperk - 'n faset wat meestal belangrik is in die akademiese funksionering van universiteite. 'n Groei in personeelgetalle vanaf die tagtigerjare het die gevoel van akademiese isolasie onder personeellede mettertyd laat verdwyn.<sup>118</sup> In die sewentiger- en vroeë tagtigerjare is 'n groot deel van die doseerwerk op die kampus gedoen deur dosente wat vanaf Potchefstroom na Vanderbijlpark gependel het. Dit was veral saans dat verskeie dosente met universiteitsvoertuie heen en weer na die Goodyearstraat-gebou gereis het. 'n Klein bedraggie is as ontberingstoelaag aangebied.<sup>119</sup> Hierbenewens is van deelydse dosente gebruik gemaak wat dikwels aan skole en ander instellings in die Vaaldriehoek verbonde was. Nagraadse studente is ook soms ingespan om met doseerwerk te help. Vanaf 1997 was die Universiteit genoodsaak om ter wille van besparing en rasionalisering soos vroeër uitgewys is, sommige vakante poste met tydelike personeellede te vul.<sup>120</sup>

### 10.6.2 Algemene kampusbestuur

Kampusbestuur is gevestig om die akademiese komponent en die ondersteuningsdienste effektief te laat funksioneer. Vir hierdie doel het die PUK 'n kampushoof (later viserektor) benoem wat leiding moes neem in die doelgerigte bestuur van die Vaaldriehoekskampus.


## • Kampushoofde

Die Raad van die PU vir CHO was steeds, soos vir die hele PUK, die hoogste gesagsliggaam wat die vernaamste besluite oor die ontwikkeling van die Vaaldriehoekskampus geneem het. Net so was die rektor, as hoof van die Universiteit, die vernaamste gesagsdraer. Om sake op 'n daaglikse basis en op grondvlak te koördineer, is 'n kampushoof benoem wat aan hierdie gesagsliggaam, die PUK-bestuurskomitee en die rektor as gesagsdraer moes verslag doen, alhoewel die posisie van kampushoof aanvanklik nie besonder duidelik gedefinieer was nie. Prof. T.A. van Dyk, Hoof van die Departement Psigologie aan die PUK op Potchefstroom, was die eerste persoon om in 1977 as Kampushoof van die Vaalrivier-tak benoem te word.<sup>121</sup> Na vertoë van senior personelede het die Kampushoof ook sitting op die Uitvoerende Komitee verkry.<sup>122</sup>


In 1982 het die Raad besluit om die benaming "Kampushoof van die Vaalrivier-tak" te wysig na "Viserektor: Vaaldriehoekskampus". Prof. Van Dyk was die eerste om aan die begin van Januarie 1983 as Viserektor: Vaaldriehoekskampus benoem te word.<sup>123</sup> In hierdie hoedanigheid het hy lid van die Raad en die Bestuurskomitee geword en kon hy die belange van dié kampus in die hoogste bestuursliggame van die Universiteit bevorder. Prof. Van Dyk het tot aan die einde van 1985 as Viserektor gedien. Vir nege jaar, in die vroeë ontwikkelingsfase van die kampus, het hy die leiding geneem.

Prof. D.P. Erasmus het prof. Van Dyk aan die begin van 1986 opgevolg. Prof. Erasmus was Hoof van die Departement Ekonomie en vroeër Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan die PU vir CHO. Sy benoeming is deur die Raad gedoen nadat die advies van die Senaat ingewin is en die Senaat hom na 'n stemming as eerste keuse uit 'n lys van agt genomineerde kandidate aangewys het.<sup>124</sup> Hy het veral 'n belangrike bydrae gelewer om goeie verhoudinge met nywerhede en ander instansies in die Vaaldriehoek te bevorder.<sup>125</sup> Na minder as twee jaar in die viserektorsamp het prof. Erasmus weens swak gesondheid die tuig neergelê.<sup>126</sup>

Die derde Viserektor was prof. J.J. de Wet, Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde, wat ook as eerste keuse uit 'n lys van genomineerdes by die Raad aanbeveel is.<sup>127</sup> Prof. De Wet het van November 1987 tot Oktober 1994<sup>128</sup> aan die hoof van die Vaaldriehoekskampus gestaan. Gedurende sy termyn van sewe jaar is hy met gewigtige probleme gekonfronteer - onder meer die verlies van die Ingenieursfakulteit vir dié kampus, en die eise wat die politieke woelinge in die land gedurende die vroeë negentigerjare aan die universiteitswese gestel het. Prof. De Wet het hom veral beywer vir die akademiese uitbouing van die kampus, onderrigvernuwing asook



*Prof. T.A. van Dyk, Viserektor, 1977-1986  
(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*



*Prof. D.P. Erasmus, Viserektor, 1986-1988  
(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*

vir die verbetering van die Vaaldriehoekskampusterrein.<sup>129</sup> Uit erkentlikheid vir sy werk in laasgenoemde verband is deel van die kampusterrein wat direk aan die rivier grens, met sy uittrede in 1994, na hom vernoem.

'n Volgende viserektor moes benoem word. Vir die heel eerste keer en in ooreenstemming met nuwe arbeidswetgewing, is die pos landswyd geadverteer.<sup>130</sup> Onderhoude is met vier kandidate gevoer, maar uiteindelik het die Raad in September 1994 besluit om die pos voorlopig nie te vul nie omdat dit geblyk het dat dit die beste sou wees as die proses van strategiese positionering eers afgehandel is.<sup>131</sup>

Die benoemingsproses is hierna gewysig: na die plasing van advertensies is die advies van die Senaat en die me-






Die Dewey de Wet-terreingedenkplaat as erkenning van die bydrae wat prof. De Wet gelewer het om die Vaaldriehoekskampus te ontwikkel, 22 Okt. 1994 (Bron: PUK-Argief)



Prof. P.J.J. Prinsloo, Viserektor en later Rektor, 1994-2004 (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})

ning van leiers in die Vaaldriehoekse gemeenskap ingewin en is hulle by die onderhoude met die kandidate betrek.<sup>132</sup> Prof. P.J.J. Prinsloo, die Fakulteitshoof van Lettere en Wysbegeerte aan die Vaaldriehoekskampus, wat al vanaf April 1994 (toe prof. De Wet langverlof geneem het) as Viserektor waargeneem het, is daarna benoem as Viserektor met ingang 1 Julie 1995.<sup>133</sup> Prinsloo het reeds in 1977 as lektor in Geskiedenis by die personeel van dié kampus aangesluit en hy was derhalwe die eerste Viserektor om uit die geledere van die kampuspersoneel verkies te word. Gedurende die periode dat Prinsloo waargeneem het as Viserektor, sowel as sy eerste jare as permanente Viserektor, het die transformasieproses en strategiese posisionering wat aan alle universiteite as deel van die politieke veranderingsproses in die land plaasgevind het, sy aandag grotendeels in beslag geneem. Soos in verdere afdeling



Prof. J.J. de Wet, Viserektor, 1988-1994 (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})

toegelig word, moes hy aanvanklik konflikte tussen studentegroepe en die Universiteitsbestuur ontloot en sorg vir 'n stabiele situasie op die kampus. Ook laat in die negentigerjare het die steeds veranderende universiteitsopset in die land meegebring dat daar voortdurend aan die strategiese posisionering van dié kampus aandag gegee is.



Die administrasie- en lesingsaalgebou van die Goodyear-kompleks (Bron: Vaaldriehoekskampus-fotoversameling)

Prof. Prinsloo se taak was veral gerig op die bestuur van verandering.<sup>134</sup> Na tien jaar is die multikulturele studentekorps grootliks gestabiliseer deur toepaslike strukture te skep. Die benoeming van personeel uit die aangewese groepe in regstellende poste was teen die datum dat hierdie publikasie geskryf is steeds prioriteit. Prof. Prinsloo is in Augustus 2004 as Kampusrektor vir die Vaaldriehoekskampus benoem binne die groter NWU-bestuur.

- **Bestuurs- en adviserende komitees**

Gedurende die jare voor die aanstelling van prof. Van Dyk in 1976, het die drie reeds vermelde professore en die administratiewe beampte die Vaalrivier-tak as beheerkomi-

tee bestuur. Die Beheerkomitee is in die Van Dyk-termyn gekontinueer en met senior personeellede aangevul. Hierdie Komitee het tot 1984 bestaan en aandag en advies gegee aan feitlik alle sake wat die Vaalrivier-tak geraak het. Hierdie sake het gestrek van akademiese ontwikkeling, klasroosters, akademiese en finansiële administrasie en studente-aktiwiteite tot terreine en geboue.<sup>135</sup> Prof. De Wet het as Viserektor gedurende sy jare as bestuurs-hoof 'n strategiese beplanningskomitee in die lewe geroep wat uit senior personeellede van die kampus bestaan het en veral met toekomsbeplanning gemoeid was.<sup>136</sup> Die Strategiese Beplanningskomitee is veral gedurende die bestuursperiode van prof. Prinsloo as gesagsliggaam erken en die Komitee het ook op 'n meer gereelde basis vergader.<sup>137</sup>

Bewindsverandering in Suid-Afrika vanaf April 1994 het transformasie in die tersiêre onderwyssektor 'n belangrike regeringsprioriteit gemaak. Op die Vaaldriehoekskampus is 'n Watuni 2000-forum<sup>138</sup> in Desember 1994 op die been gebring waaraan aanvanklik studente, akademiese personeel en ondersteuningspersoneel deelgeneem het. Mettertyd is verteenwoordigers van die alumni, die plaaslike nywerhede en die Vaaldriehoekse gemeenskap ook betrek. Verskeie werkskomitees is ook binne die Forumstruktuur in die lewe geroep wat oor sake soos die Christelike karakter van dié kampus, die taalbeleid, menseregte en die Universiteitsfinansies besin het. Aanbevelings is aan die Kampusbestuur gemaak. In die nuwe statuut van die PUK wat in 1998 aanvaar is, is voorsiening gemaak vir 'n institusionele forum as deel van die bestuurstruktuur. Op hierdie forum het lede van die Potchefstroomkampus, die Potchefstroomse gemeenskap, verteenwoordigers van die Vaaldriehoekskampus en verteenwoordigers van die plaaslike regeringsliggame in die Vaaldriehoek sitting gehad.<sup>139</sup>

## • Akademiese struktuur

Die akademiese personeel was tot 1991 nog ingeskaal by departemente waarvan die hoofde almal op Potchefstroom gesetel was. Hierdie hoofde was dus in 'n toesighoudende hoedanigheid oor die akademiese bedrywighede op die Vaaldriehoekskampus aangestel. Enkele personeellede van die Vaaldriehoekskampus het onderskeidelik as dekaans- en departementele verteenwoordigers opgetree deur onder meer die fakulteitsraadsvergaderings op Potchefstroom by te woon.<sup>140</sup>

In 1981 is daar vir die vyf fakulteite waarvoor daar personeel op die Vaaldriehoekskampus was, fakulteitskomitees benoem. Hierdie fakulteite het die volgende ingesluit: Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe, Opvoedkunde, Ekonomiese Wetenskappe en Ingenieurswese. Die fakulteitskomitees het as 't ware as subkomitees van die fakulteitsrade op Potchefstroom gefunksioneer (uitgesonderd Ingenieurswese tot 1991), en het sowat drie maal per jaar vergader onder voorsitterskap van die betrokke dekaan.<sup>141</sup> In 1982 en 1983 het die fakulteitskomitees uit elkeen van die vyf fakulteite aan die Vaaldriehoekskampus 'n persoon as adjunkdekaan verkies.<sup>142</sup> Geleidelik het dié kampus hierdeur 'n groter mate van akademiese outonomie verkry. Om praktiese redes het departementele verteenwoordigers geleidelik ook al meer funksies van departementshoofde hanteer. Fakulteit Ingenieurswese was akademies anders as ander fakulteite deurdat daar vanaf 1982 twee departemente met departementshoofde ten volle op die Vaaldriehoekskampus gevestig was. Die hele Fakulteit met die Dekaan, prof. R.C. Everson aan die hoof, was vanaf 1987 tot 1991 op dié kampus gevestig.<sup>143</sup> Die hervestiging van



Die Vaaldriehoekskampuspersoneel soos teen 1979 (Bron: Vaaldriehoekskampus-fotoversameling)

die Fakulteit het tot nuwe besinning oor die akademiese strukture by die Vaaldriehoekskampus gelei, aangesien dubbele gesagstrukture soms verwarring veroorsaak het.



*Prof. R.C. Everson, Hoof van die Ingenieursfakulteit wat van 1987 tot 1991 op die Vaaldriehoekskampus gevestig was (Bron: PU vir CHO, Inligtingsgids Eerstejaars, 1989, p. 12)*

Inhoudelik is ook algaande verder wegbeweeg van dit wat deur kollegas op Potchefstroom gedoen is sodat daar in die praktyk eintlik reeds aparte Potchefstroomse en Vaaldriehoekse departemente bestaan het. Die posisie van die viserektor is ook bemoeilik deurdat die akademiese werk op dié kampus onder toesig van die dekane op Potchefstroom gestaan het en van akademiese leiding onder die kampushoof as 't ware niks tereg gekom het nie. Na hoëvlaksamesprekings het die Raad besluit om die bestuurstruktuur van die Vaaldriehoekskampus te wysig.<sup>144</sup>

Nuwe organisasiestruktuur is vanaf 1992 in werking gestel. Vyftien departemente, elkeen met 'n eie departementshoof, is ingestel. In die plek van die vier adjunkdekane is fakulteitshoofde aangewys is. Elkeen sou voortaan direk aan die viserektor van die Vaaldriehoekskampus verslag doen. Personeellede van Potchefstroom het nog 'n belangrike mate van inspraak in die akademiese werksaamhede van die Vaaldriehoekskampus behou deurdat hul sitting gehad het op fakulteitskomitees en op die Interfakultêre Akademiese Raad. Laasgenoemde was 'n liggaam wat alle akademiese bedrywighede op die Vaaldriehoekskampus moes koördineer. Die Senaat as hoogste akademiese gesagsliggaam van die Universiteit was uiteindelik daarvoor verantwoordelik dat dieselfde akademiese standaarde op albei kampusse geld.<sup>145</sup>

In 1996 is 'n permanente dekaanspos ingestel om die viserektor van die Vaaldriehoekskampus met sy pligte by te staan.<sup>146</sup> Prof. D.J. Malan, Hoof van die Departement Psigologie aan die Vaaldriehoekskampus en Fakulteitshoof van Lettere en Wysbegeerte, is as die eerste permanente Dekaan benoem. Die akademiese werksaamhede op dié kampus het voortaan onder hom geressorteer.<sup>147</sup> In 1998 is die akademiese struktuur deur die Universiteitsraad verder verander toe, soos op die Potchefstroomkampus, afgesien is van departemente en departementshoofde en die vakke hergegroepeer is in sewe skole, elkeen met direkteur aan die hoof.<sup>148</sup> Die pos van fakulteitshoof is ook afgeskaf en daar het 'n einde gekom aan die vier subfakulteite en die fakulteitskomitees wat vanaf 1981 bestaan het.

## 10.7 Ondersteuningsdienste

Ondersteuningsdienste op die Vaaldriehoekskampus was vanaf die sestigerjare tot 2003 nog hoofsaaklik van die PUK af bestuur. Die Vaaldriehoekskampus het dus ingeskakel by die dienste wat van Potchefstroom af gelewer is. P.W. Bingle, as die eerste administratiewe beampte aan die Vaalrivier-tak vanaf 1976, het groot verskeidenheid take behartig - veral wat die akademiese en eksamenadministrasie betref.<sup>149</sup> Vanaf die sewentigerjare is



*Prof. D.J. Malan, die eerste permanente Dekaan van die Vaaldriehoekskampus, 1996 (Bron: D.J. Malan)*

tegniese personeel en dienswerkers op permanente of tydelike grondslag benoem wat verantwoordelik was vir die vermelde administrasie asook vir die instandhouding van die kampusterrein en die geboue.<sup>150</sup> In die daaropvolgende dekade is 'n direkteur vir finansies op dié kampus aangestel. Daarop het die benoeming van twee direkteure in 1997 gevolg: een vir administrasie en bedryf en een vir studenteangeleenthede en korporatiewe skakeling. Die akademiese en bedryfsadministrasie sowel as die tegniese dienste het teen 2003 steeds onder gesag van eersgenoemde direkteur geval, terwyl die werksaamhede van die tweede direkteur studentedienste, insluitende sport- en kultuurbedrywighede, die koshuishuisadministrasie en openbare betrekkinge ingesluit het.<sup>151</sup> 'n Pos vir hoofdirekteur is gedurende 2002 ingestel.

In die volgende gedeelte volg 'n oorsig van die afdelings van ondersteuningsdienste wat wel op dié kampus gevestig is.

### 10.7.1 Biblioteek

Die vestiging van 'n takbiblioteek van die Ferdinand Postma-biblioteek op die PUK het vanaf 1968 momentum gekry toe 'n aantal boeke van die PUK-biblioteek na die Openbare Biblioteek op Vanderbijlpark oorgeplaas is. Vanaf 1973 is 'n biblioteekdepot ingerig in die kantoor van prof. S.P. van der Walt, Universiteitsverteenvoorder in die Vaaldriehoek. Ongeveer 340 boeke was gedurende die vroeg-sewentigerjare in die takbiblioteek beskikbaar. Studente kon ook boeke van die PUK-universiteitsbiblioteek af aanvra.<sup>152</sup> Gedurende 1976 is 'n biblioteek in die Goodyear-gebouekompleks ingerig, en G. de Bruijn as Assistentbibliotekaris in die daaropvolgende jaar benoem.<sup>153</sup> Mettertyd is 'n groot permanente versameling boeke en tydskrifte opgebou, maar 'n belangrike gedeelte van die boeke en tydskrifartikels wat deur personeel en studente benodig is, is gereeld van die Ferdinand Postma-biblioteek af verkry.

Deur die instelling van 'n vaste pos- en bodediens tussen die twee kampusse in die tagtigerjare kon bibliotekmateriaal gewoonlik binne 'n dag nadat dit aangevra is, bekom word.<sup>154</sup> 'n Konstante groei in die biblioteekgebruik is aangeteken. In 1977 byvoorbeeld is sowat 200 boeke aan verbruikers uitgeleen en teen 1998 het die jaarlikse gebruik tot ongeveer 14 000 gestyg, en teen 2003 tot 18 479.<sup>155</sup> Die Vaaldriehoekskampus-takbiblioteek het op weksdae gefunksioneer en was gedurende resesjies, asook saans, gesluit.<sup>156</sup>

### 10.7.2 Inligtingstechnologie en - Bestuur

Die ontwikkeling van rekenaarfasielitte en van die Afdeling Inligtingstechnologie- en Bestuur (ITB) aan die

Vaaldriehoekskampus hang ewe nou saam met die ontwikkeling in hierdie verband op die PU vir CHO. In 1978 het die Raad op aanbeveling van die Rekensentrum, wat toe die Universiteit se rekenaardienste gekoördineer het, besluit om 'n rekenaarterminaal wat gekoppel was aan die hoofraamrekenaar op Potchefstroom, by die Vaalriviertak te installeer.<sup>157</sup> Dit het gelei tot die aanstelling van enkele deeltydse personeellede. Vanaf 1984 is 'n hoof van Rekenaardienste (tans die Departement Inligtingstechnologie en -Bestuur of ITB) ook op dié kampus gevestig met die direkteur van die ITB op die PUK in 'n toesig-houdende oorhoofse verantwoordelikheid. 'n Dekade later het verdere vernuwing gevolg toe die hoofraamrekenaar plek gemaak het vir 'n netwerk van persoonlike rekenaars. Elke personeellid het weldra oor 'n eie rekenaar beskik en 'n goed toegeruste rekenaarlokaal vir studente-opleiding was reeds teen 2003 beskikbaar.<sup>158</sup>

### 10.7.3 Openbare betrekkinge en studentedienste

Om die geleentheid wat die kampus gebied het, wyer bekend te stel, is die Departement Openbare Betrekkinge in 1977 op die kampus gevestig. Fondswerwing en besoeke aan skole was sommige van die mees prominente aktiwiteite<sup>159</sup> wat, te oordeel aan die studentegetalle, wel suksesvol was. In 1983 is die Afdeling Studentedienste op die kampus begin wat, naas studentevoorligting en die georganiseerde studente-lewe, onder meer verantwoordelikheid aanvaar het vir die organisasie van studentesport en kultuuraktiwiteite,<sup>160</sup> totdat hierdie take onder die nuwe gemelde direkteurstruktuur voortgesit is. Die eerste Hoof van die Afdeling Studentedienste was mnr. J.B. (John) Saunders.<sup>161</sup>

## 10.8 Studente-aktiwiteite

Studente-aktiwiteite op die Vaaldriehoekskampus het net soos dié van enige ander kampus gelyk. Die grootste verskille tot die waarskynlike voordeel van die studente was die rustige omgewing en natuur, die Vaalrivierdigby, die kleiner studentekorps en die blootstelling van studente aan studente afkomstig uit 'n verskeidenheid van gemeenskappe. Onder die Vaaldriehoek-bewoners was die studente bekend as die "Rivierpukke".

### 10.8.1 Studentesamestelling

Soos op die PUK was dit aanvanklik net vir blankes beskore om tot voorgraadse studie toegelaat te word. Boonop is alle klasse in Afrikaansmedium aangebied omdat die meeste studente byna deurgaans Afrikaanssprekendes was. Gedurende die jare voordat 'n ingenieursfakulteit aan die eertydse Vaalrivier-tak gevestig is, was daar geen koshuis-

fasiliteite nie. Die meeste studente was dagstudente wat in die Vaaldriehoek-omgewing gewoon het. Voorts het 'n ondersoek in 1981 uitgewys dat die meerderheid ouers van voltydse Vaaldriehoekskampusstudente in die middel- en laer-inkomstegroepe geval het.<sup>162</sup> Hieruit blyk dit dat die Vaaldriehoekskampus, anders as die PUK, veral voorsien het in die behoefte van minder vermoënde blanke inwoners.

Feitlik gelyktydig met die verskyning van die vermelde ondersoek is die behoefte van swart leerders binne die Vaaldriehoekse gemeenskap beklemtoon deur prof. H.F. Swanepoel tydens sy intrede as professor in Psigologie aan die Vaaldriehoekskampus.<sup>163</sup> Waarskynlik die vernaamste prikkel wat tot verdere reaksie op hierdie voorstel gelei het, was die beplande vestiging van 'n kampus van die jong Vista-universiteit in die Vaaldriehoek in 1984. Vista-universiteit sou voorsien in die behoefte aan universiteitsgeriewe vir swart mense. Daarop het die PUK gevolg deur die beperking op die toelating van voorgraadse studente uit ander rasse-groepe op die Vaaldriehoekskampus in 1985 op te hef.

Met Afrikaans as steeds die enigste onderrigmedium het die swart studentetal aanvanklik steeds min gebly. In byvoorbeeld 1986 was daar uit die totale getal van meer as 1 700 studente slegs vier voorgraadse en 16 nagraadse studente geregistreer wat nie as blank geklassifiseer is nie.<sup>164</sup> In 1988 het die getal "nie-blanke" studente (soos toe nog na hulle verwys is) tot 60 toegeneem uit 'n groot totaal van 2 000. Sowat 300 Engelssprekendes was toe by die Vaaldriehoekskampus geregistreer.<sup>165</sup>

'n PUK-Raadsbesluit van 1991 om Engels as addisionele onderrigmedium aan die Vaaldriehoekskampus te gebruik, het daartoe gelei dat die getal Engelstalige blanke studente verder toegeneem het. 'n Groot deel van hulle was afkomstig uit immigrantesinne in die Vaaldriehoek en hulle was dus ook nie van huis uit Engelssprekend nie. Verskeie studente van Portugese, Poolse, Tsjeggiese, Duitse en Italiaanse herkoms het sedertdien al op die Vaaldriehoekskampus afgestudeer.<sup>166</sup> In 1998 het 130 blanke Engelssprekende studente aan die Universiteit se Vaaldriehoekskampus gestudeer.<sup>167</sup> Die getal swart studente het ook aansienlik toegeneem, sodat hulle teen 1998 ongeveer 40% van die totaal van 1 500 (voltydse sowel as na-uurse studente) uitgemaak het<sup>168</sup> en teen 2003 sowat 46%.<sup>169</sup> Hoewel die groot meerderheid swart studente Suid-Sotho-sprekers was, was daar ook heelwat Zulu- en Tswana-sprekers.<sup>170</sup> Afrikaanstalige studente het teen hierdie tyd 'n bietjie minder as die helfte van die totale studentegetal uitgemaak. Gedurende die periode 1977-1998 het die samestelling van die Vaaldriehoekskampus se studentekorps dus van 'n homogene blanke Afrikaanse groep na 'n veelrassige en multikulturele groep verander en die kosmopolitiese aard van die Vaaldriehoekse gemeenskap sodoende in 'n groter mate

weerspieël. In 1998 was 322 voltydse en 407 deelydse Afrikaanssprekende studente aan die Vaaldriehoekskampus ingeskryf teenoor die 430 voltydse en 353 deelydse studente wat sprekers was van ander tale.<sup>171</sup> Die multikulturele aard was tot 2003 nog 'n kenmerk van dié kampus. Hierdie veranderinge het noodwendig ook die studentelewe ingrypend beïnvloed.<sup>172</sup> Terug egter na die wordings-jare van die Vaalrivier-tak en die studentebestuur ...

## 10.8.2 Studenteraad en -politiek

Die begin van die georganiseerde studentelewe aan die Vaalrivier-tak kan teruggevoer word tot 1972 toe daar uit die gelede van die buitemuurse studente 'n studentesekretariaat in die lewe groep is. Hierdie Sekretariaat bestaande uit drie studente, met mnr. D. van Wyk as Voorsitter, moes die studente van die Vaalrivier-tak verteenwoordig.<sup>173</sup> Die Studentesekretariaat het vir sowat ses jaar gefunksioneer voordat 'n volwaardige studenteraadsverkieping vir die eerste keer in 1979 gehou is. Dit was 'n jaar ná die registrasie van die eerste voltydse studente. Die eerste Studenteraadsvoorsitter was mnr. Pieter Wolmarans. In 1979 is die grondwet van die Studenteraad deur die PUK-Raad goedgekeur.<sup>174</sup>

Tot 1984 was die Studenteraad (SR) van die Vaalrivier-kampus ondergeskik aan die SR op die PUK, waarna dit outonome status verkry het. Hierdie eie status het saamgeval met die geleentheid toe die eerste lesings op die nuwe kampus by Hendrik van Eck-boulevard aangebied is. Hier - op die walle van die Vaalrivier - is die fondament gelê vir 'n eiesoortige kampusatmosfeer. Met die verkryging van outonomie is aan hierdie kampus die bevoegdheid verleen om by geleenthede 'n eie standpunt te stel; met die Universiteitsraad of Senaat te skakel; by liggame wat die SR goed vind te affilieer en studenteliggame en organisasies aan die Universiteit te erken. Ook is aan hulle die reg gegee om in die naam van die studentegemeenskap op te tree. Verder kon die SR studenteaktiwiteite reël wat bevorderlik is vir die studentelewe; reëls opstel en toepas namens en op die studentegemeenskap as geheel, asook beheer uitoefen oor die toekenning en gebruik van die PUK-wapen, PUK-kleure, erekleure, sowel as die naam van die Universiteit.<sup>175</sup>

Om aan bogenoemde bevoegdhede 'n eie aard binne die studentelewe te gee, is verskeie portefeuljes deur die SR van die Vaaldriehoekskampus geskep. Hierdie portefeuljes het die volgende ingesluit: Studentediens, 'n tak van die Afrikaanse Studentebond (ASB) en Kultuur, Openbare Betrekkinge, Karnaval en Studente-Gemeenskapsdiens (SGD), Sport en Rekreasie, 'n Ingenieursvertegenwoordiger en 'n Buitemuurse verteenwoordiger.<sup>176</sup>



Die Studenteraad van 1988-1989: voor v.l.n.r. C. van der Linde, L. Coetzer (SR-voorsitter), prof. J.J. de Wet (Viserektor), S. Oosthuizen, Melanie Setterfield Agter H. Kriel, H. Naudé, A. Venter, M. Williams, W. Simpson, M. du Toit, L. Pienaar, E. Hartzenberg, J. Saunders (Hoof: Studentediens) (Bron: Vaaldriehoekskampus-versameling)



Die Studenteraad in 1994/1995: voor links na regs: Mapule Setsedi, Kevin Addinall(voorsitter) Prof. Piet Prinsloo, Dicky Nel, Thinandau Mambonani. Agter van links na regs: Louise du Plessis, Ben de Wet, Vaughn Thom, Sergio Mortagua, Joleen (Bron: Vaaldriehoekskampus-versameling)

Sommige van hierdie portefeuljes het nie die toets van die tyd deurstaan nie. Hieronder tel die ASB-tak wat na 'n kortstondige bestaan<sup>177</sup> in 1986 bande met die ASB beëindig het.<sup>178</sup> Die debat oor die ASB was ook op ander kampusse aan die gang. Voorts het die SR van die Vaaldriehoekampus ook ywerig met ander kampusse geskakel. Ander onderliggame van die SR wat as "kringe" in die lewe geroep is om die geskakeerde belange van die studente te behartig, is die akademiese kring, die kulturele en politiese kring, asook 'n koshuiskring en 'n sportkring.<sup>179</sup>

'n Patroon wat algaande gedurende die negentigerjare gevestig is, was SR-verteenvoordiging op die rade van universiteite. In 1993 het die PUK-Raad dit goedgekeur dat die SR van die Vaaldriehoekampus een persoon kon benoem om op die Raad te dien. Die eer en verpligting het Ben de Wet, Adjunkvoorsitter van die SR, te beurt geval.<sup>180</sup> Kort hierna is hierdie demokraties-gerigte vergunning vir die SR ook na die Uitvoerende Komitee van die Senaat uitgebrei.<sup>181</sup>


### 10.8.3 1995 - 'n swart jaar vir studentebedywighede

Ander politieke veranderinge in die land wat ook noodwendig 'n invloed op die studentelewe gedurende die negentigerjare gehad het, was die erkenning van studentevakbonde. Veral swart studente, wat vanaf laat in die tagtigerjare in al groter getalle op die Vaalrivierkampus gestudeer het, het met die ingang van die negentigerjare die Potchefstroom University African Students Society (PUASSO) gestig. Die doel van PUASSO was hoofsaaklik om die belange van swart studente op die Vaaldriehoekampus te bevorder. Sake op die agendas van hul vergaderings het onder andere die volgende behels: die taalbeleid van die Universiteit, rassediskriminasie, die verhouding tussen PUASSO en die SR, die finansiële beleid van die Universiteit teenoor studente wat agterstallig was met die betaling van universiteitsgelde, toelatingsvereistes vir swart studente en die voedselpryse by die kafeteria.<sup>182</sup> Met verloop van tyd het die eise wat PUASSO aan die Universiteitsowerhede gestel het, al hoe omvattender geword, sodat dit eventueel ontaard het in die ondermyning van bestaande gesagstrukture en tot onrus op die Vaaldriehoekampus gelei het.<sup>183</sup> Lede van PUASSO het hul optrede geregverdig deur dit oor die boeg te gooi van die transformasieproses, wat toe op dié kampus geloods is.

In 1994 het minder ernstige insidente plaasgevind, soos die eensydige onttrekking van die PUASSO-komponent aan die georganiseerde studentelewe. In dié stadium is twee kommunikasieprosesse gelyktydig aan die Vaaldriehoekampus geskep, te wete die Watuni<sup>184</sup> 2000-forum en 'n uitgebreide proses van gesprekvoering met PUASSO oor 'n aantal knelpunte wat swart studente ervaar het.

Veral twee sake moes deur die Bestuurskomitee (BK) van die PUK hanteer word ten einde 'n onrusvrye situasie op die kampus te verseker: die gebruik van Engels en 'n verdere akkommodering van die studente se finansiële probleme.<sup>185</sup> Dit is aan die viserektor van die Vaaldriehoekampus opgedra om die gesprekke verder te bestuur. Intensiewe samesprekings is derhalwe voortgesit deurdat die viserektor van tyd tot tyd met studente van PUASSO en verteenwoordigers van die Congress of South African Trade Unions (COSATU) onderhandel het.<sup>186</sup> Hierdie gesprekke het onder meer uitgeloop op die beskikbaarstelling van eksamenuitslae in Engels. Die BK-besluit dat met die invordering van skuld voortgegaan moet word, is egter nie goed deur sommige van die studente ontvang nie, ten spyte daarvan dat aan hulle meegedeel is dat die PUK op 'n antwoord van die regering wag oor die toekenning van bykomende fondse vir studente-opleiding.<sup>187</sup>

Sommige studente het besluit om gesprekvoering as benadering te verruil vir aktiewe optrede. Op 21 Augustus 1995 het 'n aantal swart studente die voordeur van die Administrasiegebou met geweld gebreek, die administrasieblok van die Vaaldriehoekampus geplunder en skade van etlike duisende rande aangerig.<sup>188</sup> Lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) het 98 studente wat skade aan die Administrasiegebou aangerig het, gearresteer. Sommige van hulle het 'n maand later in die hof verskyn, maar voordat enige verdere optrede gevolg het, het die PU vir CHO besluit om sy saak teen die studente terug te trek en dat



*Kampusonrus, prof. P.J.J. Prinsloo in sy geplunderde kantoor (Bron: PUK Argief)*


die tugkomitee van die Universiteit self dissiplinêr teen oortreders sou optree.<sup>189</sup> Dit was helaas nie die einde van die ongelukkighede onder 'n minderheidsgroep studente nie. Op 5 Februarie 1996 was sommige van die PUASSO-lede ook betrokke by rommelstrooiing in die lesingsaal-komplekse, gevolg deur 'n insident van rassisme in Maart, aanranding tydens die Jool, en 'n skietvoorval by die kampuskoshuise op 6 Mei. Dit het die dissiplinêre vermoëns van die Kampusbestuur erg onder verdenking geplaas.

Buitestanders, soos die plaaslike pers het parallelle getrek tussen die destydse situasie op die Vaaldriehoekskampus en toestande wat reeds op die kampusse van die Vaaldriehoekse Technikon en die Sebokengkampus van Vista geheers het. Daarop het die PUK die persepsie dat die handhawing van dissipline deur die Universiteitsbestuur nie voldoende is nie, die nek ingeslaan deur op strategiese proaktiewe optrede te besluit.<sup>190</sup> Verslae oor die optrede van studente is deur die BK bestudeer en opdrag is aan die vise-rektor van die Vaaldriehoekskampus gegee om dissiplinêr teen bepaalde studente op te tree.<sup>191</sup> Die situasie op die Vaaldriehoekskampus het vanaf 1997 begin stabiliseer.

#### 10.8.4 'n Nuwe konstitusie - die SR staan magte af vir 'n parlement en kabinet

Sekerlik die vernaamste besluit, vanuit 'n studenteperspektief beskou, wat uit hierdie ongelukkige voorvalle ontwikkel is, is die herbesinning oor die organisasie-struktuur van die studentelewe. Tydens van die onrus in 1995 is 'n onderhandelingsproses begin om 'n nuwe hersiene konstitusie vir die SR op te stel.<sup>192</sup> Dit het uitloop op die totstandkoming van die Studenteparlement wat as 'n verteenwoordigende liggaam van die studentelewe beskou is. Uit die Parlement is 'n kabinet van tien lede aangewys. Die Parlement moes as beleidsvormende, konsensussoekende liggaam funksioneer ten einde die liggaam in staat te stel om 'n nuwe grondwet vir 'n verkose SR te onderhandel. Ander vraagstukke ten opsigte van die georganiseerde studentelewe moes ook deur die Parlement ondersoek word.<sup>193</sup>

In belang van die transformasieprogram aan die Vaaldriehoekskampus het die bestaande SR derhalwe, onder die sterk en opofferende leierskap van die Voorsitter, Kevin Addinall, die tuig neergelê.<sup>194</sup> Studenteraadsake is behartig deur 'n kabinet (as 'n oorgangstruktuur), wat reeds vóór die ontbinding van die SR deur die Studenteparlement verkies is.<sup>195</sup> Die Kabinet sou optree as interimstudenteliggaam wat uitvoering moes gee aan besluite van die Studenteparlement. Hierdie liggaam was ook in konsultasie met die vorige SR en die Kabinet was verantwoordelik vir beheer oor die alledaagse aktiwiteite van die georganiseerde studentelewe.<sup>196</sup>



*Ben de Wet as eerste verteenwoordiger van die SR op die PUK-Raad, 1993 (Bron: PUK-Argief)*

Na talle gesprekke, bosberade en onderhandelinge tussen studenteleiers onder leiding van die Hoof: Studenteaangeleenthede en Korporatiewe Skakeling, H.A. Stavast,<sup>197</sup> is ooreengekom op 'n grondwet vir die Studenteparlement waarvolgens die SR uit 50% wit en 50% swart studente sou bestaan. Elke student se stem was bestem om 'n gelyke gewig te dra as dit kom by die aanwysing van die verskillende poste op die SR.<sup>198</sup> Op die Raadsvergadering van 17 Junie 1996 is sonder enige teenstand kennis geneem van die transformasieproses van die studentestrukture by die Vaaldriehoekskampus.<sup>199</sup>

In 1996 is die eerste SR verkies volgens die nuwe grondwet, wat deur die Kabinet opgestel is. Mnr. Pheelo Potsane is as Studenteraadsvoorsitter aangewys.<sup>200</sup> Hy is in 1998 deur Jacob Lepphoto opgevolg. Hierdie vernuwing was belangrike bydraende faktor tot die stabilisering van die kampus en die vestiging van 'n nuwe studentekultuur. Johan Dreyer is vir die termyn 1999-2000 verkies, gevolg deur Tebogo Maoto vir die termyn 2000-2001, Sibusiso Nsibanyoni vir die termyn 2001-2002,<sup>201</sup> en Moses Rakoma vir die termyn 2002-2003. Verdere vernuwing het egter gevolg na 'n kortstondige onsmaklikheid. Tydens die aanloop tot die SR-verkiesing van 2002 was geweld op die kampus weer aan die orde van



die dag. Die verkiesing is sodanig ontwrig dat die proses eers gestaak en 'n tweede verkiesingsdatum gereël moes word. Agter hierdie ontwrigting was 'n los groepie van sowat 35 studente wat hulleself die "Concerned Students Initiative" (CSI) genoem het. Op die 13de Augustus 2002 het hulle die toegangshek beset, waarna die polisie ingetree het en 14 van die studente in hegtenis geneem is.

In 2003 is die SR-konstitusie opnuut hersien en is die verskansing van portefuljies op 'n rassebasis in die SR geskrap. Daarmee is voorsiening gemaak vir 'n SR wat op suiwer demokratiese gronde verkies word. Die eerste Voorsitter wat dus werklik demokraties - sedert die ontstaan van die kampus - gedurende die Augustus 2003- verkiesing verkies is, was mnr. Eric Ntumba met die Ondervoorsitter, mnr. Neels Jordaan. Die 2003-konstitusie maak ook, benewens vir die SR, voorsiening vir 'n Uitgebreide SR (USR), of in Engels die Extended Student Representative Council, (ESRC) wat ook verteenwoordiging van ander studenteliggame insluit. Hierdie liggaam het groten-deels die funksies van die SR-parlement oorgeneem.<sup>202</sup>

### 10.8.5 Die Vaaldriehoekskampuskoshuise en die SR

Aangesien kampuskoshuise 'n eiesoortige impak op die studentelewe het, het stabiliteit in koshuise ook 'n ewewigtige effek op die algemene kampusklimaat gehad. Die verantwoordelikheid wat studenterade gedurende die ingebruikneming van koshuise geneem het om 'n bydrae tot stabiliteit en groei te lewer, kan nie onderskat word nie. Verskeie inisiatiewe en strukture is gevestig, onder meer 'n hersiene weergawe van die Konstitusie van die SR (Mei 1999), die Sizanani-fonds vir die ondersteuning van behoeftige en verdienstelike studente asook die hou van diversiteits- en transformasiewerkwinkels.<sup>203</sup>

#### • Prestasies - algemeen

PUK-Raadsmedalje vir leierskap is in 1984 vir die eerste keer aan 'n student van die Vaaldriehoekskampus, die SR-voorsitter vir 1983-1984 - mnr. Leon Slechter



Die SR-voorsitters, 1998-2003: Bo v.l.n.r. Jacob Lephoto, Johan Dreyer, Tebogo Maoto, Sibusiso Nsibanyoni en Moses Rakoma (Bron: Vaaldriehoekskampus-versameling)



Die Studenteraad, 31 Oktober, 2003-2004: voor v.l.n.r Neels Jordaan, Eric Ntumba, Tumelo Monyane; agter v.l.n.r Lovers Mofokeng, Suzanne Jordaan, James Ranakau, Jackie Meintjies, Toka Mokhesi (Bron: Vaaldriehoekskampus-fotoversameling)



Leon Slechter, SR-voorsitter (1983-1984) is die eerste student wat die PUK-Raadsmedalje vir Leierskap ontvang het, 1984 (Bron: L. Slechter)

- toegeken.<sup>204</sup> 'n Insiggewende brokkie geskiedenis is dat sy tweelingbroer, Deon, gedurende hierdie tyd die SR-voorsitter van die POK was.<sup>205</sup> In 1987 het die studente van die Vaaldriehoekskampus 'n damestudent, me. Karolien de Beer, as Studenteraadsvoorsitter vir 1988 verkies.<sup>206</sup> Dit was die eerste keer in die geskiedenis van die PUK dat 'n dame hierdie posisie beklee het.

## 10.9 Sportaktiwiteite en kultuurverenigings

Lank voordat die "rivierkampus" in 1984 betrek is,<sup>207</sup> het 'n aktiewe studente-organisasie onder die handjievol studente



Karolien de Beer, die heel eerste damestudent ooit in die geskiedenis van die PUK as Studenteraadsvoorsitter, en wel vir die Vaaldriehoekskampus, 1987 (Bron: Me. K. de Beer)

aan die Vaalrivier-tak ontwikkel. Geleentheid om die gemoedelikheid van studentwees te beleef en terselfder tyd kultureel, akademies, polities en sosiaal gevorm te word, is spontaan in elkeen se program ingepas. 'n Hegte onderlinge groepsgevoel was vanaf die sestigerjare aanwesig - al was die studente min in getal. Hierdie gevoel is spontaan op die sportveld en in die kultuurlewe deur 'n gevoel van onderlinge verbondenheid bevorder.

### 10.9.1 Sportaktiwiteite

Hele aantal sportsoorte is formeel vanaf 1979 aan die Vaalrivier-tak gevestig. Hieronder tel die dameshokkiespan en

krieketspan wat met ligawedstryde begin het. Tennis so wel as muurbal is ook gevestig,<sup>208</sup> met boonop die heel eerste jangroentjie-atletiekbyeenkoms wat in hierdie historiese jaar suksesvol begin is. Met 'n sokkerspan op die been het die span deelnemers ook ewe dapper aan die jaarlikse universiteitsokkertoernooi in Stellenbosch deelgeneem.<sup>209</sup>

Aan die stigting van 'n rugbyklub is eers op 22 November 1979 aandag gegee, alhoewel 'n span (mettertyd goed bekend as die Vaalpukke) nog gedurende dié jaar aan die intervarsity tussen die PUK en die UOVS (tans die Universiteit van die Vrystaat) deelgeneem het.<sup>210</sup> Die kleure van die klub is aanvanklik bepaal as wit, ligblou en donkerblou, maar op die bestuursvergadering van 31 Januarie 1980 is besluit om die kleure vas te stel as bruinrooi (maroen) met 'n ougoud kraag en wapen. PUK-kouse en 'n wit broek is gedra.<sup>211</sup> Vanaf Maart 1981 was die Universiteitsrugbyklub (Vaal-PUK) bekend as die Watuni-rugbyklub, of slegs as die Watuni's. Die naam is afgelei van 'n samestelling van die woorde *water* en *universiteit*, en verwys dus na die universiteit langs die water.<sup>212</sup> Om die studente se entoesiasme te ondersteun het die organisasie en ontwikkeling van sport aan die Vaalrivier-tak aanvanklik hoofsaaklik op die skouers van doserende personeel gerus. Daarom het 'n dringende

behoefte vir die aanstelling van 'n beampte ontstaan om studente-aktiwiteite en die sportorganisasie te kon behartig. 'n Sportburo is nog gedurende die eerste jaar van formele sportaktiwiteite in die lewe geroep om alle sportinisiatiewe op die Vaaldriehoek Kampus beter te struktureer en direkte skakeling met die beherende sportliggaam op Potchefstroom moontlik te maak.<sup>213</sup>

Sedert 1980 het die sportlewe van die Vaalrivier-studente verder van krag tot krag gegaan. 'n Trapkarklub is gestig.<sup>214</sup> Voorts is klubs begin vir die meeste sportsoorte wat by die Sportraad van die Studenteraad van die Vaalrivier-tak geaffilieer was en begrotingsgeld ontvang het om effektief te kan funksioneer. Mnr. F.C. Lombard is met die ingang van 1985 as die eerste voltydse Sportbeampte van die Vaaldriehoek Kampus aangestel.<sup>215</sup> In Julie 1986 is mnr. C.W. (Neels) Vermeulen in die plek van Lombard benoem.<sup>216</sup> Namate heelwat sportklubs gevestig is, het 'n al hoe groter behoefte ontstaan aan die daarstelling van meer sportgeriewe op die kampusterrein. Veral rugby en krieket het groot probleme ondervind om geskikte velde te kry om wedstryde op te speel. As lid van die Vanderbijlpark-rugbyklub het die Universiteit in 1979 al die munisipale velde gebruik. Universiteitsrugby het egter so vinnig gevestig geraak dat dit implikasies vir die gebruik van die munisi-



Die ander kant van studentwees (Bron: Vaaldriehoek Kampus-fotoversameling)



*F.C. Lombard (regs) as eerste voltydse Sportbeampte van die Vaaldriehoekkampus (Bron: F.C. Lombard)*

pale velde ingehou het. In 'n stadium moes sewe spanne die twee velde benut, en dit meestal op Woensdagmiddae en -aande omdat periodes sodanig geskeduleer was.<sup>217</sup> Aan die begin van die tagtigerjare is 'n begin gemaak met die aanlê van rugbyvelde op die nuwe kampusterrein langs die Vaalrivier. Vir ander sportsoorte is ook voorsiening gemaak.

Vanaf 1984 kon die studente van die Vaaldriehoek-kampus op sportgebied inskakel by, en deelneem aan onder meer rugby, hokkie, tennis, netbal, muurbal, krieket, atletiek, kanovaart, karate, trapkarwedrenne en gholff.<sup>218</sup> In 1986 is 'n rots- en bergklimklub met die naam Ascendo gestig. Aan die Kanoklub van Vanderbijl-park is in 1992 toestemming gegee om 'n boothuis op die kampus op te rig. So omvattend het die sportbed-rywighede op die walle van die Vaalrivier geword dat vanaf 1987 besluit is dat alle sportspanne wat namens die PUK deelneem, voortaan as Watuni's sou bekendstaan.<sup>219</sup>

Ondanks die logistieke hindernisse waarmee die Rugbyklub nog in die tagtigerjare geworstel het, het dié klub besonder goed gevaar in die Transvaalse junior ligas. Albert Wassenaar was die eerste speler om Transvaalse Sub-Unie-kleure (provinsiaal) te verwerf. In 1984 is senior status deur die Transvaalse Rugby-voetbalunie (TRVU) aan die Watuni-rugbyklub toegeken. Met Gielie Vermeulen as afrigter vanaf 1987, het die eerste span van die Rugbyklub van krag tot krag gegaan. In hierdie jaar asook in 1988 het die Watuni's die Presidentsbeker verower en in 1989 die Groot Uitdaagtrofee. Hierna is die Watuni-rugbyklub genooi om in die volgende seisoen aan die eerste klub-kampioenskappe vir B-bonde in Brakpan deel te neem. Hulle het tweede in die Plaatkompetisie geëindig. Met



*Heelbo: Die Klubhuis by die sportterrein, 2004*

*Bo:Die rugbyvelde op die sportterrein langs die Vaalrivier (Bron: Vaaldriehoekkampus-fotoversameling)*

'n nuwe dekade in sig het die Watuni's begin om die Vaal-driehoek amptelik as bondkampioen te verteenwoordig.<sup>220</sup>

Soos rugby, het sokker op die Vaaldriehoekkampus ook besondere belangstelling gewek. 'n Behoefte by veral swart studente het spoedig daartoe gelei dat 'n baie aktiewe sokkerspan na 1989 op dreef gekom het,<sup>221</sup> maar, soos baie ander sportsoorte, is hierdie sport hoofsaaklik vir sosiale doeleindes beoefen. Teen 2004 het studente in sokker, krieket en netbal baie aktief en kompetierend deelgeneem met sukses, in plaaslike en provinsiale ligas asook in eie reg aan SASSU. Die krieketspan het hul liga gewen gedurende dié jaar.<sup>222</sup>

## 10.9.2 Kultuurverenigings

Kultuuraktiwiteite soos koor- en konsertwerk, to-neelverenigings en 'n verskeidenheid akademiese vere-nigings is sedert 1979 algaande op die kampus begin. Hieronder tel die Vaalriviersangersgroep onder leiding van Hannatjie Bester.<sup>223</sup> Die revuegroep Varia is drie jaar later deur Dirk en Hannie Human gevestig. Varia het vin-nig opgang gemaak. Hulle optredes in omliggende dorpe het ook 'n positiewe bydrae gelewer om die beeld van die Vaaldriehoekkampus uit te bou. Ten spyte van 'n goeie reputasie het Varia teen 1990 nie meer genoegsame belangstelling gekry nie. Gevolglik is besluit om ee-



*Mannewales op 'n vlot op die Vaalrivier  
(Bron: Vaaldriehoekskampus-fotoversameling)*

rder te ontbind as om die bekendheid wat in sewe jaar verwerf is, met mindere belangstelling te kanselleer.<sup>224</sup>

'n Ander kultuurvereniging was die Staatmakersgroep van die Rivier-PUK. Hulle het deel gevorm van die landswye Voortrekkerbeweging. Jaarliks is 'n staptoer en 'n besoek aan 'n historiese besienswaardigheid onderneem.<sup>225</sup> 'n Christelike Studentevereniging is ook sedert 1994 op die kampus gevestig en was baie aktief. Teen 2004 was dit

bekend as die Student Christian Forum. Daarbenewens was die Commercial Students Association (COSA), gestig in 1996, die eerste tak van Toastmasters op enige kampus van 'n noordelike universiteit. 'n Tak van die South African Students Volunteer Organization (SASVO) is in 1998 op die been gebring en verskeie studentetoere na agtergeblewe gebiede is reeds onderneem. Twee jaar later is Opvoedkunde-studentevereniging gestig asook 'n Psigologie-studentevereniging. Die organisasie, Believers in Ignorance Breaking, oftewel BIBS is ook gedurende 2000 gestig met die missie om bewustheid aangaande die siektetoestand Vigs te bevorder.<sup>226</sup> Verskeie pogings is gedurende die negentigerjare aangewend om 'n multikulturele studentekoor te vestig en in 1998 is hierdie ideaal verwesenlik.<sup>227</sup> Die koor (hoofsaaklik swart studente) staan bekend as die Vaalpukke Melodies en is baie aktief. Hulle neem sedert 2003 deel aan nasionale kompetisies soos die Ou Mutual-Telkom Nasionale koorfees en die ATKV-koorfees, en hulle was reeds streekswenners in hierdie kompetisies.<sup>228</sup>



*Die revuegroep Varia (Bron: Vaaldriehoekskampus-fotoversameling)*



Me Hannie en mnr. Dirk Human, die besieling agter die Variavermaaklikheidsgroep (Bron: PU-Kaner, 2(88), p. 39)



Esther Pretorius, die stigter en eerste redakteur van die studentekoerant *Stroomop* (Maart 1983) wat op die Good-year-kampus verskyn het {Foto geneem in 2000} (Bron: E. de Waal)



Die embleem van *Stroomop*

Die embleem van die koerant *Stroomop* beeld die gesig van 'n mens uit. Daarmee word gesuggereer dat die mens:

Sentraal in God se skepping staan heerser is oor dier en plant, en terselfdertyd ook sy eie mensheid en menslike natuur probeer beheers.

In die oorspronklike illustrasie is die kleure blou, rooi, swart en wit gebruik om twee kontrasterende emosies uit te druk, naamlik vreugde en hartseer. Blou en rooi is as die twee hoofkleure uitgelig en dié smelt op sekere plekke saam om op 'n vermenging van emosies te dui.

Die gesig is in die vorm van 'n masker vasgevang [Bron: *Stroomop*, 29 Okt. 1984, p.1]

### 10.9.3 Studentekoerant vir die Vaalrivier-studente

'n Eerste amptelike studentekoerant vir die Vaaldriehoekskampus het in 1983 verskyn. Heel gepas was die naam daarvan - *Stroomop* - 'n benaming met die volgende konnotasies: digby die Vaalrivier, maar ook om nie net saam met die stroom te beweeg nie, maar ook teen die stroom van sake in te gaan as dit moet.<sup>229</sup> Esther Pretorius en Pieter Nel was die eerste redakteurs van *Stroomop*<sup>230</sup>. Esther aanvanklik by die Goodyearstraat-kampus en Pieter die eerste redakteur op die huidige kampus. Om in te skakel met die Watuni-naam van die kampus, is die naam *Stroomop* in 1996 verander na *Watuni Signum* (laasgenoemde verwys na 'n kenteken). Berigte in hierdie koerant is meestal in Afrikaans, Engels en soms ook in Suid-Sotho gepubliseer.<sup>231</sup> In hierdie stadium het al drie taalgroepe ook 'n verdere hupstoot gekry met die georganiseerde poging om gedigte wat studente in hierdie tale geskryf het te bundel.<sup>232</sup> *Watuni Signum* is tot 2002 gepubliseer.

### 10.9.4 Joolbedrywighede

Om aan leerders van die Vaaldriehoek-tak die geleentheid te bied om soos diegene op ander kampusse die volle spektrum van studentwees te ervaar, is Jooloptogte al gehou nog voor die daarstelling van georganiseerde sport. Die eerste twee vlotte is in 1977 en 1978 gebou en buitemurse studente was hoofsaaklik daarvoor verantwoorde-



Mnr. Pieter Nel, eerste redakteur van Stroomop (later Watuni Signum) op die huidige kampus (Bron: Vaaldriehoekskampus-versameling)


lik. Hierdie vlotte het deur die strate van Vanderbijlpark, Vereeniging en Sasolburg beweeg om geld in te samel vir liefdadigheid. Karnavalnooi is ook jaarliks aangewys.<sup>233</sup> Nadat permanensie aan die infrastruktuur van die Vaaldriehoekskampus gegee is, het die Joolkomitee in 1984 'n joolblad, genaamd *Opdrifsel* uitgegee.<sup>234</sup> Die benaming *Opdrifsel* was baie gepas. Behalwe dat al die doen en late op die kampus geassosieer is met die nabyheid van die Vaalrivier, roep die benaming van die joolblad ook assosiasies op met strome wat soms versnel en opdrifsel teen die walle uitstoot. En wat is 'n joolblad soms anders as dikwels net stukkie kostelike opdrifsel wat na jou aanspoel?

Onontbeerlike deel van Jool was die inskakeling van die SR en studente by die projekte van die Studentegemeenskapsdiens (SGD). Hierdie projekte het onder meer diensverlening aan minderbevoorregtes behels. In 1987 het die SGD-welsynsprojekte van dié kampus die eerste plek in die Nasionale Joolkompetisie behaal. In dieselfde jaar is geskiedenis gemaak deurdat die Vaaldriehoekskampus die eerste tersiêre inrigting in Suid-Afrika was om 'n vlotoptog ook deur die swart woonbuurtes Sharpeville en Sebokeng te laat beweeg.<sup>235</sup> Dit was 'n besondere groot sukses.

Nog 'n eerste vir dié kampus het in 1988 gevolg toe 'n joolkoningin<sup>236</sup> gekroon is. Hierdie eer het Melanie Setterfield te beurt geval.<sup>237</sup> Melanie is deur die eertydse mej. Wêreld, Annelien Kriel, voorheen Kerzner, gekroon.<sup>238</sup> Enkele jare later het die Joolkomitee 'n hek met beligting laat oprig vir die Joolplaas van die kampus aan die oewers van die Vaalrivier. Joolaktiwiteite is in 2000 op die Vaaldriehoekskampus gestaak omdat te veel studente op die kampus in



Die voorblad van die tweede uitgawe van Stroomop, Okt. 1983 (Bron: Vaaldriehoekskampus-versameling)



Die joolblad, *Opdrifsel* (Bron: PU vir CHO, Brosjyre Vaaldriehoekskampus, 1977-1987, p. 23)



Die 1995-jooloptog gehou deur die studente van die Vaaldriehoek Kampus (Bron: Vaaldriehoek Kampus-fotoversameling)



Melanie Setterfield, in 1988 deur Annelien Kriel (eertydse mej. Wêreld) gekroon as die eerste joolkoningin vir die Vaaldriehoek Kampus (Bron: PU vir CHO, Brosjyre Vaaldriehoek Kampus, 25 jaar, 1966-1991, p. 7)

hierdie stadium - jammerlik genoeg - nie die gebruikelike tradisie van fondinsameling vir behoeftige Suid-Afrikaners gerespekteer het nie; van die Joolaktiwiteite is 'n sosiale funksie gemaak wat soms hande uitgeruk het. Teen 2003 het die Vaaldriehoek Kampus-studente wel by die joolaktiwiteite van die Potchefstroom Kampus ingeskakel.<sup>239</sup> Die Joolplaas op die Vaaldriehoek Kampus is intussen afgebreek en tot niet gemaak. In 2004 is 'n begin gemaak om dit verder te ontwikkel as 'n meerdoelige studente-ontspanningsruimte.<sup>240</sup>

### 10.9.5 Koshuislewe

Die bedrywighede op die nuwe kampus het mettertyd noodwendig ook die fokus laat val op akkommodasiemoontlikhede. Die eerste nie-amptelike koshuis van die Vaalrivier-tak van die PU vir CHO is in 1982 ingerig in die gebou by die Goodyearstraat-kampus, wat voorheen as 'n biblioteek gedien het. Die "koshuis" het die naam Oripad (soms ook "Oripat") gekry omdat die gebou aan die oorkant van die Universiteitsgebou in Goodyearstraat geleë was. Oripad het verblyf aan 30 studente gebied, en mnr. Lukas Pieterse, lektor in die Departement Sosiologie, is aangestel as eerste huisvader en primarius.<sup>241</sup> Aan die dringende noodsaaklikheid van 'n koshuis is eers aandag gegee toe die Vaaldriehoek Kampus permanen-



sie langs die Vaalrivier gekry het. Gedurende 1985 tot 1988 is begin met die oprigting van die eerste fase van 'n koshuiskompleks. Anders as Oripad, kon die eerste koshuisgebou net 25 studente huisves, maar hierdie ekstra huisvesting was waarskynlik meer as welkom. Die naam daarvan - Timbuctu<sup>242</sup> - was 'n besonder kreatiewe skepping van die studente. Timbuctu was 'n heel gepaste naam, aangesien dié koshuisgebou in daardie stadium heeltemal alleen op 'n groot terrein gestaan het en redelik ver was van die lesinglokale en kafeteria. Die gebruik van hierdie benaming was egter kortstondig toe die Eregradekomitee van die PU vir CHO besluit het dat die naam Timbuctu 'n Islamitiese strekking het en daarom nie gebruik mag word nie.<sup>243</sup> Noodgedwonge moes die kreatiewes weer terug na die "tekenbord".

Die nuwe naam vir die manskoshuis wat deur die koshuiskomitee in 1989 voorgelê is - De Wilgers - het die Eregradekomitee meer tevrede gestel. Dalk het dié koshuisnaam ook beter aangesluit by die aard van bestaande naamgewing op die kampus waarmee prominensie verleen is aan water en aan die nabyheid van die Vaalrivier. In 1986 is mnr. Pieter Möller, dosent in Geskiedenis, as eerste koshuisvader op die nuwe kampus benoem. Nog koshuisgeboue is opgerig sodat ook 'n koshuis vir dames teen 1989 beskikbaar was, sowel as 'n huisvaderwoning. Die dameskoshuis is heel stemmig Jasmyn gedoop.<sup>244</sup>


Die meerderheid studente in die manskoshuis was vir Ingenieurswese ingeskryf. Daar was altyd ook baie meer mans- as damestudente in die koshuise. Sowat 181 studente kon teen 1989 gehuisves word in die koshuiskompleks wat bestaan het uit enkelkamers.<sup>245</sup> Die oopstelling van koshuise vir die gebruik van alle rassegroepe in 1989 is ook op hierdie kampus in werking gestel. Tot 1992 was die swart studente in die minderheid.<sup>246</sup> Oor die geheel beskou, het koshuisstudente in koshuise op die kampus 'n groot bydrae gelewer tot die sosiale aktiwiteite in studentekringe.<sup>247</sup>

Ten tyde van die oprigting van koshuise is aandag ook gegee aan die wyse waarop die georganiseerde studente te

uitgebrei kon word. 'n Stelsel is in die lewe geroep waarby dagstudente/voltydse studente in denkbeeldige koshuise ingedeel is. Manstudente wat in die gebied Vanderbijlpark en Sasolburg gewoon het, het ingeskakel by Njalamanskoshuis. Dames in dieselfde gebied het ingeskakel by die Soenie-dameskoshuis. Vir manstudente wat in die gebied Vereniging en Meyerton gewoon het, is Poekomanskoshuis geskep. Die dames wat vanuit hierdie gebied afkomstig was, het by die Oorbietjie-dameskoshuis ingeskakel.<sup>248</sup> Hierdie stelsel het beslis daartoe bygedra om 'n gesonde en opwindende studente te bewerkstellig. Die reeds vermelde sukses met joolaktiwiteite gedurende hierdie jare is daarvan 'n sprekende bewys. Gesonde wedywering tussen die dag- en kampuskoshuise op sport, kultuur- en sosiale gebied het spontaan voorgekom.<sup>249</sup>

Die effek wat die verskuiwing van die Ingenieursfakulteit na Potchefstroom in 1992 op die kampus te gewag gehad het, blyk duidelik uit die afplating in sommige studentebedrywighede kort hierna. Die koshuis, De Wilgers, is met naam en al op die PU vir CHO hervestig in Huis Isak Meyer, 'n koshuisgebou wat vroeër aan die Potchefstroomse Onderwyskollege behoort het. Vir 'n derde maal moes die huiskomitee van die toe naamlose manskoshuis op die Vaaldriehoekskampus weer kreatief oor 'n nuwe benaming nadink. Dit blyk dat - waarskynlik om nie weer op tone te trap nie - 'n "meer Afrikaanse benaming" en variasie op die oorspronklik voorgestelde Timbuctu tog uiteindelik inslag gevind het. Die naam Vergelegen is deur die Eregradekomitee goedgekeur.<sup>250</sup>

Na die verskuiwing van al die ingenieurstudente het die kampuskoshuise redelik leeg geloop. 'n Ooreenkoms is daarop met die Vaaldriehoekse Technikon gesluit op grond waarvan Technikonstudente tot 1995 in Vergelegen en Jasmyn gehuisves is.<sup>251</sup> Verhoudinge tussen wit en swart studente in die koshuise het vanaf 1994 drasties verander. Hierdie verandering het saamgeval met die reeds vermelde ontevredenheid oor klasgelde en Afrikaans as die oorwegend administratiewe voertaal. In 1996 het verskeie insidente van onrus in die koshuise voorgekom.



'n Foto van Oripad-koshuis (Bron: PU vir CHO, Brosjyre Vaaldriehoekskampus, 1977-1987, p. 8)



*Die eerste koshuis op die Vaaldriehoek kampus in aanbou, 1985 (Bron: Vaaldriehoek kampus-versameling)*



*'n Voltooiende koshuiskompleks, 1985 (Bron: Vaaldriehoek kampus-versameling)*


Breekskade, rassekonflik en onordelikheid was dikwels aan die orde van die dag.<sup>252</sup> Klagtes is ook van ouers ontvang

wat gedreig het om hul kinders uit die koshuise te neem. Maatreëls is daarna gereed gekry om strenger dissipline toe te pas.<sup>253</sup> Om die sekuriteit op die Vaaldriehoek-kampus te verbeter is 'n permanente toegangshek aangebring.<sup>254</sup> Nadat opgetree is teen sowat 30 studente wat hul skynbare ontevredenheid oor die beskermingsdienste op die kampus uitgewoed het deur op 13 November 1997 skade aan die toegangshek aan te rig,<sup>255</sup> het 'n periode van stabilisering by die kampuskoshuise ingetree.<sup>256</sup>

'n Besondere periode het gevolg waarin veral ander kleur-groepe hulself as studente op die Vaaldriehoek kampus gevestig het. Op die hoogste bestuursvlak is ook moeite gedoen om die eiesoortige probleme van hierdie studente op te los. Hieronder tel hulle geografiese verspreiding, die ligging van die kampus wat dit vir swart studente moeilik gemaak het om na-uurse aktiwiteite by te woon en die aard van die koshuisstrukture van die bestaande daghuise wat nie noodwendig vir alle kulture se behoeftes binne 'n multikulturele bestel voorsiening gemaak het nie. 'n Behoefte het onder swart studente ontstaan om 'n eie daghuis vir mans en een vir dames tot stand te bring.<sup>257</sup> Hierdie behoefte het gestrook met die beginsel van vrye assosiasie wat op die kampus gegeld het. In 1999 is dus twee nuwe koshuise opgerig wat hoofsaaklik deur swart studente bewoon is. Hulle is Amabhubesi (oftewel "Leeu") vir manstudente en Dishweshwe (oftewel "Mooi vrou") vir damestudente.<sup>258</sup> Teen 2004 het die koshuisstatus, met nog twee addisionele daghuise wat gedurende 2003 op die Vaaldriehoek kampus gevestig is, soos volg daar uitgesien:



*Die eerste studente in die voltooiende koshuis saam met die Viserektor, prof. Tom van Dyk en mnr. Johan Odendaal van Openbare Betrekkinge, 1985 (Bron: Vaaldriehoek kampus-versameling)*



**Manskoshuise**

- Vergelegen - vanaf 1985
- Watuni-dagkoshuis - vanaf 1998
- (voorheen Njala - sedert 1992)
- Poekoe - sedert 1992
- Amabhuesi - vanaf 1998
- Oryx - vanaf 2003

**Dameskoshuise**

- Jasmyn - vanaf 1990
- Ixia-dagkoshuis - vanaf 1998
- (voorheen Soenie - sedert 1992)
- Oorbietjie - sedert 1992)
- Dishweshwe - vanaf 1998
- Acasia - vanaf 1998

Van die Vaaldriehoekampus koshuise sedert 1985 - 'n beknopte visuele oorsig  
 (Bron: 'n Samestelling uit 'n verskeidenheid van bronne)

## 10.10 Terreine en geboue

In die voorafgaande gedeelte oor die totstandkoming van die Vaaldriehoekskampus is heelwat fasette van ontwikkeling reeds aangeraak. Aangesien Hoofstuk 9 slegs die ontwikkeling van die terrein en geboue op die PUK-kampus in Potchefstroom uitwys, is besluit om ook hierdie noodsaaklike faset van die Vaaldriehoekskampus breedweg te verken (uitgesonderd die koshuiskompleks wat reeds bespreek is).

Die PU vir CHO het in 1973 'n stuk grond op 'n terrein van meer as 88 hektaar langs die Vaalrivier vir die ontwikkeling van 'n universiteitskampus bekom. Hierdie stuk grond is vir 'n bedrag van R100 000 aangekoop, maar as gevolg van finansiële redes is besluit om dit vir eers nie verder te ontwikkel nie. Hierdie terrein was in 'n toe nog onbeboude gebied aan die oewer van die Vaalrivier en tussen Vanderbijlpark en Vereeniging geleë.<sup>261</sup>

### 10.10.1 Die Goodyearstraat-kompleks

Gebouekompleks is in 1976 in die noordwestelike deel van Vanderbijlpark vir R360 000 van YSKOR aangekoop. Hierdie gebouekompleks, bekend as die Yskor Mediese Fonds-gebou, sou aangewend word vir onderrigdoeleindes.



*Die terrein langs die Vaalrivier (Bron: Vanderbijlpark (founded for progress), planned for people, p.15)*



*Die Goodyearstraat-kompleks, 1976 (Bron: PU-Kaner, 24 Sept. 1976)*

Die kompleks het bestaan uit een groot drieverdiepinggebou, 'n kleiner gebou op dieselfde erf (waarin 'n kafeteria later gehuisves is) en enkele geboue oorkant die straat (wat later as 'n biblioteek en koshuise ingerig is). Spoedig het dié geboue, na aanleiding van die naam van die straat en die Vaalrivier-takbedrywighede aan weerskante daarvan, as die Goodyearstraat-kompleks bekend geword. Ongeveer 'n kwartmiljoen rand moes bestee word aan onder andere die verbouingswerk om die bestaande lokale in 39 lesingskamers te omskep, veranderinge in die elektriese stelsel aan te bring en meublement aan te koop. Die destydse Minister van Nasionale Opvoeding, dr. P.G.J. Koornhof, het die gebouekompleks amptelik op 15 Oktober 1976 geopen.<sup>262</sup> Vanaf 1977 is al die werksaamhede van die Vaalrivier-tak van Goodyearstaat af bedryf.

Verdere verbouings is aangebring voordat 'n kafeteria in 1978 in een van die geboue ingerig is.<sup>263</sup> Twee huise, wat deel van die kompleks gevorm het, is in 1981 omskep in koshuise vir manstudente.<sup>264</sup> Aan die begin van 1984 is begin met akademiese werksaamhede op die terrein aan die oewer van die Vaalrivier, maar die Departemente Metallurgiese en Meganiese Ingenieurswese het aanvanklik saam met die personeel van die Fakulteit Natuurwetenskappe in die Goodyearstraat-kompleks agtergebly. Die geboue is heringerig om aan hulle behoeftes te voldoen.<sup>265</sup> Hoewel daar al in 1985 beplan is om die geboue te verkoop en al die aktiwiteite op die nuwe kampusterrein te konsentreer,<sup>266</sup> was die twee Ingenieursdepartemente nog tot in 1991, toe die Ingenieursfakulteit na die Potchefstroomkampus verskuif is, in die Goodyearstraat-gebou gesetel. Daarna is die geboue verkoop.<sup>267</sup>

### 10.10.2 'n Nuwe terrein aan die oewer van die Vaalrivier

Na samesprekings van die Universiteit met die Stadsraad van Vanderbijlpark en provinsiale owerhede in 1978, is toestemming verkry dat die aangekoopte terrein vrygestel word van die normale vereiste dat dit vir dorpsstigting aangewend moes word. 'n Bykomende 23 ha is aangeskaf; die hele terrein het teen 2004 al 111,6 ha beslaan.<sup>268</sup> In 1980 is 'n soneringsplan vir die terrein opgestel en besluit om 'n ontspanningsaal, rugbyveld en parkeerterrein op te rig met fondse wat deur die plaaslike gemeenskap beskikbaar gestel is.<sup>269</sup> Die Stadsraad van Vanderbijlpark het 'n volledige ontwikkelingsplan vereis voordat met verdere bouwerk op die terrein begin kon word. Goedkeuring is gegee vir die opstel van 'n meesterplan vir die ontwikkeling van die kampus. Die BK het geoordeel dat in die lig van moderne tendense in die universiteitswese, meer as net 'n plan vir 'n versameling geboue nodig was. In sodanige plan moes die wese van die Universiteit, sy akademiese beleid, sy eiesoortige karakter en strewe, fisies vergestaltung vind. 'n Voorstel is gemaak dat die plan vir



'n Lugfoto van die Vaaldriehoek-kampus-meesterplan soos teen 1986 (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns})

voortgesette groei voorsiening maak “sonder om ‘n ideale grootte te postuleer of die tempo van groei te bepaal”.

Riglyne wat onder meer in die beplanning neergelê is, was dat studente gedurende klaswisseling te voet van die een gebou na die ander moes kon beweeg. Om ‘n rustige en veilige omgewing te bevorder moes voetganger- en voertuigverkeer van mekaar geskei word.<sup>270</sup> Die finale soneringsplan het voorsiening gemaak vir ‘n vyffaseontwikkeling van ‘n kampus wat uiteindelik 10 000 studente sou kon huisves.<sup>271</sup> ‘n Skaalmodel het aangedui hoe die kampus uiteindelik daar moes uitsien (kyk bo). Dié model is etlike jare lank uitgestal in die voorportaal van die tydelike Administrasie-gebou, wat in 1983 op die kampus opgerig is.<sup>272</sup>

### 10.10.3 Die “rivierkompleks”

In 1981-1982 is ‘n ontspanningsaal, wat later ook as kafeeria gebruik sou word en tans bekend is as die Oewerspens, op die nuwe terrein gebou.<sup>273</sup>


Die rugbyvelde is feitlik gratis deur YSKOR aangelê. Voorts is ‘n tydelike gebou in 1982 opgerig wat aanvanklik bedoel

was vir die gebruik van die Departement Meganiese en Metallurgiese Ingenieurswese. Omdat geboue nie opgerig kon word op plekke wat nie volgens die meesterplan as die mees aangewese beskou is nie, is ‘n bykomende stuk grond langs die rivier na onderhandelinge met die Stadsraad bekom.<sup>274</sup> Aan die begin van 1983 is begin met die oprigting van ‘n staalstruktuur wat die buitenste “dop” van hierdie gebou moes vorm. Dié bedrywighede is spoedig gestaak toe die PUK-Raad besluit het dat die Ingenieursdepartemente eerder in die Goodyearstraat-kompleks moes agterbly.

Die “dop” en wat sou volg, is herbestem om die administratiewe personeel asook die akademiese personelede in die geesteswetenskaplike en ekonomiese vakke te huisves.<sup>275</sup> Die binneste gedeelte van die gebou moes noodwendig herontwerp word. Benewens die biblioteek het die gebou hoofsaaklik uit kantore bestaan waarvan die meeste gedeeltelik ommuurde lokale in die middelste gedeelte van die gebou was. Sedert die verskuiwing van die doserende personeel en die biblioteek in 1993 na die A- en C-blokke (teen 2004 onderskeidelik Gebou 4 en 7) is die gebou deur die administratiewe personeel benut en het dit teen 2003 nog as die Administrasie-gebou bekend gestaan.



*Die suidekant en voorkant van die Vaaldriehoekcampus se Administrasie-gebou*



*Gedeeltes van die Vaaldriehoekcampusterrein met die administratiewe gebou (links agter) en koshuise (ver regs agter) sigbaar (Bron: Vaaldriehoekcampus-versameling)*



*Die Oewerspens as eerste gebou wat op die Vaaldriehoek-kampus opgerig is  
(Bron: Vaaldriehoek-kampus-versameling)*

Langs die Administrasie-gebou, heel in die suidwestelike hoek van die kampusterrein, is 'n lesingsaalkompleks in 1983 opgerig. Anders as die Administrasie-gebou is dit nie 'n staalstruktuur nie, maar 'n enkelverdieping-baksteengebou wat dertig lesinglokale bevat.<sup>276</sup> Tot 2004 nog was die studenteraadskantore en die Potchefstroomse Besigheid-skool ook in hierdie gebou gehuisves. Gedurende 1984 en 1985 is betonlooppaaie tussen die Administrasie- en die baksteengebou sowel as die kafeteria aangelê. Hierop het die uitlê van grasperke en tuine spoedig gevolg.<sup>277</sup>

In 1988 is 'n kleiner gebou net noord van die Administrasie- en lesingsaalgeboue opgerig om die personeel van Tegniese Dienste (en 'n tydlank ook Studentedienste) te huisves.<sup>278</sup> In die omgangstaal van dié kampus word gepraat van die "rivierkompleks" as verwys word na die Administrasie-gebou, die aangrensende lesingsaalgebou, asook die kleiner geboue wat daar naby opgerig is.

#### 10.10.4 Die A-, B- en C-blokke (oftewel Gebou 4, 3 en 7)

In 1984 is begin met die oprigting van geboue vir die Departement Chemiese en Elektriese Ingenieurswese asook vir Natuurwetenskappe. 'n Ontwerpplan vir die kompleks is opgestel, maar later verander omdat die koste hoër sou wees as die maksimumlening wat die Universiteit volgens staatsriglyne kon aangaan.<sup>279</sup> Die kompleks van drie geboue is daarna vir 'n totale koste van R5,7 miljoen opgerig.<sup>280</sup> Hierdie verdragings het daartoe gelei dat die drie geboue eers aan die begin van 1987 voltooi is. Elkeen van die blokke bestaan uit drie verdiepings en het bekend geword as die A-, B- en C-blokke.<sup>281</sup> In ooreenstemming met die meesterplan is hierdie geboue opgerig op die noordelike deel van die kampusterrein, ongeveer 'n halwe kilometer van die Administrasie-gebou af. Die studente van die Subfakulteit Natuurwetenskappe en die twee In-

genieursdepartemente, wat in 1987 van Potchefstroom af oorgekom het, het op 15 Maart 1988 die voorreg gehad om die amptelike opening van hierdie geboue mee te maak.<sup>282</sup>

Die akkommodering van die Ingenieursdepartemente in hierdie geboue was egter van korte duur. Aan die einde van 1991 is hulle na die Potchefstroomkampus verskuif. Na die verskuiwing van die Ingenieursfakulteit was die geboue beskikbaar vir die akademiese aktiwiteite wat, soos vroeër gemeld is, tydelik in die "rivierkompleks" gehuisves was. In 1992 is die A-, B- en C-blokke heringerig. Die A-blok het nou die Subfakulteite Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en Natuurwetenskappe gehuisves, die B-blok die biblioteek en die ITB, en die C-blok die Subfakulteite Lettere en Wysbegeerte sowel as Opvoedkunde. In die A-blok is ook 'n lokaal beskikbaar gestel aan Van Schaik-boekwinkel sodat studente hul handboeke en skryfbehoeftes op die kampus kan koop. 'n Gedeelte van die C-blok het aanvanklik as 'n pakkamer gedien en dit is eers in 1995 omskep in 'n aantal kantore en lesingsale.<sup>283</sup> Verdere verandering is in 1998 aan die A- en C-blokke aangebring om voorsiening te maak vir die herindelings van die vier subfakulteite in sewe skole en die verskuiwings wat daarmee gepaard gegaan het.<sup>284</sup>


#### 10.10.5 Die ISCOR-TLS-sentrum

Die verskuiwing van die Ingenieursfakulteit en veranderinge in Universiteitsbeleid aangaande die plek van die Vaaldriehoekkampus binne die algehele opset van die Universiteit het meegebring dat heeltemal afgesien moes word van die meesterplan wat aanvanklik vir die ontwikkeling van dié kampus gevolg is. In 1995 is besluit om 'n gebou wat 'n groot lesingsaal en kleiner groepslokale moes bevat tussen die A- en C-blokke op te rig.<sup>285</sup> Volgende fondse daarvoor is in die privaat sektor gewerf om die bydrae wat van die staat ontvang is aan te vul.

Die gebou is veral ontwerp om vir die telematiese leerstelsel wat op die Potchefstroomkampus ontwikkel is,



*Die ISCOR-aanleg in Vanderbijlpark  
(Bron: PU vir CHO, Inligtingsbrochure, Vaaldriehoekkampus, 1987-1988, p. 25)*



*Die ISCOR-TLS-gebou in die proses van oprigting (Bron: Vaaldriehoekskampus-versameling)*

gebruik te word. As blyk van waardering vir die ruim bydrae van ISCOR- 'n jarelange vennoot van die Vaaldriehoekskampus - is besluit om die gebou die ISCOR-sentrum vir Telematiese Leer te noem.<sup>286</sup> Bouwerk het in 1998 'n aanvang geneem en dit is teen die helfte van 1999 voltooi. Hierdie Sentrum bestaan uit twee ouditoriums, bekend as die SAMANCOR- en Ou Mutual-ouditoriums met onderskeidelik 328 en 72 sitplekke, elf ander lokale en 'n kafeteriaruimte. Die totale koste het R7,1 miljoen bedra en dit is met R500 000 se apparatuur toegerus.<sup>287</sup>

### 10.10.6 Die kampusterrein verder herskep

Reeds na die voltooiing van die A-, B- en C-blokke is aandag gegee aan die fisiese ontwikkeling van die kampusterrein. Die landskapsargitek, B. Farrell van Pretoria, het in 1990 'n plan opgestel<sup>288</sup> waarin voorgestel is dat verskeie damme op die kampus aangebring word en 'n groot aantal bome aangeplant word. ISCOR het 'n belangrike bydrae tot die terreinontwikkeling gelewer deur onder meer grondverskuiwingstoerusting te verskaf.<sup>289</sup> 'n Strook grond langs die rivieroewer is as ontspanningsterrein ontwikkel en 'n groot lapa is onder meer opgerig wat ook vir byeenkomste soos die ontvangs van die eerstejaarstudente en hul ouers aan die begin van die akademiese jaar gebruik kon word. 'n Begin is ook gemaak om die kampusterrein deels as 'n wildreservaat te ontwikkel. Ses springbokke en ses blesbokke is aanvanklik aangekoop en daarna ook sebras, volstruise en ander wildsoorte.<sup>290</sup> Teen 2004 het ongeveer 130 springbokke, 35 blesbokke, 15 gemsbokke

en 12 swartwildebeeste, benewens kleiner boksoorte soos duikers, nog vryelik op die terrein rondgeloop.<sup>291</sup>

Toe dit in die negentigerjare duidelik geword het dat dit onwaarskynlik is dat die Universiteit in die afsienbare toekoms die hele Vaaldriehoekskampusterrein sou benut, is 'n nuwe ontwikkelingsplan opgestel deur 'n groep argitekte, bourekenaars en ingenieurs. Hiervolgens is voorgestel dat kampusaktiwiteite gekonsentreer word op die noordwestelike deel van die terrein. 'n Nuwe gebou vir die administrasie nader aan die geboue waarin die lesingsale en akademiese personeel gehuisves is, is in die vooruitsig gestel. Vir die oorblywende deel van die kampusterrein is onder meer die volgende beplan, ook met die bedoeling om addisionele inkomste in die toekoms vir die Universiteit te genereer: 'n natuurreservaat (waarby die bestaande wildreservaat ingereken is), 'n hotel, 'n ontspanningsoord en 'n residensiële kompleks.<sup>292</sup> Teen 2004 was nog niks konstruktiefs op die tafel om hierdie ideaal te verwesenlik nie.<sup>293</sup>

### 10.11 Verhoudinge met die plaaslike gemeenskap

Inisiatiewe deur gemeenskapsleiers was die inspirasie agter die totstandkoming van die Vaaldriehoekskampus. Dit was ook, soos in voorafgaande afdelings uitgewys is, aanvanklik Universiteitsbeleid dat die ontwikkeling van dié kampus in 'n hoë mate deur die plaaslike gemeenskap self bepaal moes word.



### 10.11.1 Die Skakelkomitee (later die Adviesraad, toe die Raad van Beskermhere)

Die Skakelkomitee vir Universiteitsontwikkeling is in 1974 gestig om as kommunikasieagent te dien tussen die Universiteit enersyds en die vier stadsrade en ander organisasies in die gemeenskap andersyds. Op versoek van die Komitee is die aard van die Komitee in 1979 verander van skakeling na die gee van advies. Hierdie nuwe Adviesraad van die Vaalrivier-tak het uit 31 lede bestaan.<sup>294</sup> A.J. Botha, wat hom reeds lank aktief beywer het vir die totstandkoming van die Tak, is as Voorsitter verkies met J.G. Riddell, Hoofwerkebestuurder van YSKOR op Vanderbijlpark, as Ondervoorsitter.<sup>295</sup> Verteenwoordigers van die vier stadsrade, plaaslike nywerhede en opvoedkundige en kulturele instellings asook enkele lede van die Raad van die PUK (onder wie, vanaf 1982, ook mnr. F.W. de Klerk - toe minister en parlamentslid vir Vereeniging) en senior personeellede van die Vaalrivier-tak.<sup>296</sup>

Dit blyk uit die notules van die Adviesraad dat hulle nou betrokke was by die ontwikkeling van die Tak en veral van die kampusterrein.<sup>297</sup> Tot in 1987 nog het die Adviesraad twee tot vier maal per jaar vergader. Subkomitees het ook van tyd tot tyd byeengekom. Op aanbeveling van die Adviesraad het die Universiteitsraad in 1987 die omskakeling van die Adviesraad na 'n plaaslike Raad van Beskermhere vir die Vaaldriehoek kampus goedgekeur. Hierdie Raad het een maal per jaar vergader.<sup>298</sup> Hiermee het die rol van plaaslike gemeenskapsleiers in die ontwikkeling van die kampus verskraal. Die Raad van Beskermhere is in 1995 deur die Bestuurskomitee as 'n belangelig-gaam geherstruktureer.<sup>299</sup> 'n Leierskapsimposium is in

die lewe geroep wat jaarliks 'n aktuele onderwerp as simposiumtema aangebied het.<sup>300</sup> Gemeenskapsleiers van die Vaaldriehoek is ook by die Watuni-forum betrek wat vanaf die negentigerjare met die transformasieproses op dié kampus gemoeid was. Ook is gemeenskapsleiers by 'n Universiteitsinisiatief ingeskakel om die wankelende Vaaldriehoekse ekonomie te verstewig.<sup>301</sup>

### 10.11.2 Plaaslike nywerhede en sake ondernemings

Die hoof en ander personeellede van die Vaalrivier-tak het vanaf die sewentigerjare nywerhede in die Vaaldriehoek gereeld besoek om inligting oor die Tak te verskaf en goeie verhoudinge op te bou.<sup>302</sup> Met ISCOR was daar van die begin af goeie betrekkinge, te danke aan J.G. Riddell.<sup>303</sup> Die eerste Ingenieurswesestudente aan die Vaalrivier-tak van die Universiteit was dan ook werknemers van ISCOR. ISCOR het groot finansiële en ander bydraes gelewer vir die ontwikkeling van die Vaaldriehoek kampusterrein.<sup>304</sup> Ten spyte van die ekonomiese insinking wat die Vaaldriehoek vanaf die tagtigerjare beleef het, het ISCOR voortgegaan om finansiële steun aan die Vaaldriehoek kampus te verleen. Benewens ISCOR was SASOL, SAMANCOR, USCO, Cape Gate, Dorbyl en Safripol sommige van dié kampus se prominente finansiële ondersteuners.<sup>305</sup> In die negentigerjare het hierdie maatskappye, asook Ou Mutual, ruim bygedra om die oprigting van die ISCOR-TLS-sentrum moontlik te maak.<sup>306</sup>

Bo en behalwe skenkings vir die ontwikkeling van die kampus het plaaslike ondernemings ook reeds vanaf die sewentigerjare beurse aan studente beskikbaar gestel.<sup>307</sup> Namate meer persone uit minder gegoede gemeenskappe by die Vaaldriehoek kampus kom studeer het, het die behoefte



Die kampusvlot wat vanaf 1989 gebruik is vir plesiervaart (Bron: Vaaldriehoek kampus-versameling)

aan finansiële bystand uit die privaat sektor groter geword. Sakeondernemings is met redelike sukses aangemoedig om belowende studente in diens te neem en dan finansiëel te help om by die Vaaldriehoekskampus te studeer.<sup>308</sup>

## 10.12 Skakeling met ander instellings vir tersiêre onderwys

Die Vaaldriehoekskampus is een van verskeie instellings vir tersiêre onderwys in die Vaaldriehoek. Jarelange skake-ling onderling bestaan wel, hoewel van noue bande tussen hierdie inrigtings nog nooit sprake was nie. Reeds in 1978 het die Universiteitsraad 'n komitee benoem vir skake-ling met die Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys in Vanderbijlpark, tans bekend as die Vaaldriehoekse Technikon.<sup>309</sup> Dit het gelei tot 'n ooreenkoms waarvolgens sekere vakke wat deel gevorm het van die ingenieursopleiding, aanvanklik by die Technikon geneem is. In 1991 is nog 'n ooreenkoms met die Technikon gesluit, wat op albei kampusse betrekking gehad het. Hierdie ooreenkoms het onder meer ook die gebruikmaking van die fasiliteite op die Potchefstroomkampus vir na-uurse klasse van die Technikon behels. Hierna is die rektor van die Technikon ook as buitengewone professor aan die Universiteit benoem.<sup>310</sup>

In 1981 het die regering beplan om 'n universiteit vir swart mense in stedelike gebiede op te rig. Die Vaaldriehoek is geoormerk as een van die stedelike gebiede vir die oprigting van sodanige kampus, genaamd Vista, onder beheer van die Universiteit. Die Hoof van die Vaaldriehoek-tak, prof. Van Dyk, het van die begin af samesprekings met die betrokke amptenare gevoer, veral om te sien in hoeverre die PUK by hierdie ontwikkelings betrokke kon raak. Die destydse Minister van Onderwys en Opleiding het, volgens prof. Van Dyk, aanvanklik te kenne gegee dat die PUK genader sou word om met opleiding in die Vaaldriehoek behulpsaam te wees.<sup>311</sup>

Toe Vista-universiteit in 1984 dus met sy werksaamhede in Sebokeng in die Vaaldriehoek begin het, het hierdie universiteit sy eie dosente aangestel en daar is nie van dosente van die Vaaldriehoekskampus gebruik gemaak nie. 'n Belangrike oorweging was blykbaar dat Vista sy eie besondere stempel op die onderrig wou afdruk.<sup>312</sup> Aanvanklik was daar betreklik min kontak tussen die twee kampusse, maar in die negentigerjare is gesprekke tussen verteenwoordigers gevoer oor groter samewerking. Hierdie gesprekke het in 1997 gelei tot 'n samewerkings-ooreenkoms om fasiliteite van die twee kampusse gesamentlik te benut in die aanbieding van 'n B.Sc.-graad. Met die Sebokeng Teachers Training College, wat reeds vanaf die vroeë tagtigerjare bestaan het, is 'n samewerkingsooreenkoms in 1995 gesluit waarvolgens die Universiteit die Kollege sou bystaan met gehaltekontrole ten opsigte van die onderrig wat daar gegee word. Die

aanstelling van akademiese personeellede aan dié kollege was deel van die bystandsproses. Ook is enkele personeellede van die Vaaldriehoekskampus as lede van die Raad en Senaat van die Kollege benoem.<sup>313</sup>

Die veranderende politieke klimaat ná 1994 het beslis bygedra tot die pogings om groter samewerking tussen die verskillende tersiêre onderwysinstellings te bewerkstellig. In 1997 het die Vaal Triangle Region Tertiary Education Forum tot stand gekom, met die Vaaldriehoekskampus van die PUK, die Technikon, die plaaslike kampus van Vista-universiteit, die Sebokeng Teachers Training College en vier tegniese kolleges van die Vaaldriehoek as lede. Dié forum het verskeie vergaderings gehou met die oog op groter samewerking en die stigting van 'n konsortium vir hoër onderwys in die Vaaldriehoek.<sup>314</sup> Laasgenoemde het teen 2004 nog bestaan as die Vaal Higher and Further Education Consortium (FHFECC).<sup>315</sup>

## 10.13 Akademiese kundigheid in diens van die gemeenskap

In die ontstaansjare van die Vaalrivier-tak het 'n behoefte in die gemeenskap bestaan om blootgestel te word aan voordragte met 'n kultureel-wetenskaplike inhoud. Hierdie behoefte het daartoe gelei dat personeellede 'n reeks byeenkomste gereël het met die tema "Die universiteit in gesprek met die gemeenskap".<sup>316</sup> In 1979 het die Vaalrivier-tak 'n simposium gereël wat veral gerig was op sakelui in die Vaaldriehoek.<sup>317</sup> Die simposium het 'n jaarlikse instelling geword en verskeie vraagstukke in verband met die ekonomiese ontwikkeling van die streek, mannekragbehoefte en arbeidsverhoudinge is bespreek.<sup>318</sup> In 1998 is 'n leiersberaad oor werkskepping gehou waaraan verskeie sakeleiers deelgeneem het.<sup>319</sup>

Andersins was en is baie personeellede betrokke by konsultasiewerk vir maatskappye.<sup>320</sup> Konsultasie- en opleidingswerk wat sedert 1987 deur die Eenheid vir Kwaliteit en Industriële Statistiek (EKIS) verrig is, is sterk in aanvraag.<sup>321</sup> Die Subfakulteit Opvoedkunde het in 1988 met finansiële steun van plaaslike sakeondernemings begin met Saterdagsskole waardeur bykomende onderrig aan hoërskoolleerlinge uit veral die swart gemeenskappe verskaf is.<sup>322</sup> Dit was 'n belangrike inisiatief waarmee die Vaaldriehoekskampus veel wyer uitgereik het as net na die Afrikaanssprekende segment van die gemeenskap.

Die sigbaarheid van die PUK in die Vaaldriehoek het bepaald oor jare heen voordele vir die hoofkampus ingehou. Gedurende die negentigerjare het ongeveer 16% tot 18% van die totale studentetal van die Universiteit aan die Vaaldriehoekskampus studeer.<sup>323</sup> en dit is onwaarskynlik dat meer as 'n klein deel van hierdie studente op Potchefst-

room sou kom studeer het as die Vaaldriehoek kampus nie daar was nie. Sonder die Vaaldriehoek kampus sou die PU vir CHO dus 'n heelwat kleiner universiteit gewees het en gedurende die afgelope dekades minder mense opgelei het. Die sterk groei in die studentetalle in 2004 soos

reeds in Figuur 10.1 uitgewys is, toon dat die Vaaldriehoek kampus 'n belangrike opleidingsrol in die streek vervul.

Die plek en bydrae van die PUK as 'n stem binne die streek en die groter Suid-Afrikaanse gemeenskap, volg in Hoofstuk 11.



*Die "eende-oorgang" op die kampus (Bron: Vaaldriehoek kampus-versameling)*

